




Matieland

Universiteit van Stellenbosch

Jaargang 11

Nommer 3 Desember 1967



Ondervinding...Durf...Kundigheid...
Bepanning...Ontwikkeling...Vooruitgang. Hierin lê die
groeikrag van Die Federale Groep.

DIE FEDERALE GROEP



Oude Meester

Likewrbrandewyn

DIE WÊRELD SE BESTE BRANDEWYN

Slegs 'n brandewyn met die rustige rypheid van Oude Meester, gul en gloeiend, kan getuig van volwaardige veroudering — en die hoogste reinheid. 'n Spesiaal ingevoerde seskolom-distilleerketel verwyder elke spoor van aldehydes en foeselolies om u 'n brandewyn van die hoogste reinheid te bied. Oude Meester — die wêreld se beste brandewyn.

Ryk. Beleë
Van hoogste
reinheid.



0UD195a

? Kan u werklik bekostig om u finansies stuk-stuk te behartig?

Baie mense maak maar so. Hier 'n lening, daar weer 'n belegging. Elders 'n bietjie brandversekering, en dan weer 'n man wat raad moet gee met inkomste-belasting.

Daar is nooit 'n volledige finansiële prentjie nie. Pleks dat al 'n mens se bates saam ingespan word in 'n beplande geheel, word finansiële kragte verspil. (En tyd? Moenie praat nie!)

Maar daar is mense wat die volle voordeel van al hul bates geniet. Dis die mense wat gebruik maak van Santam se gespesialiseerde bank- en versekeringsdienste.

Alles onder een dak. Beleggings teen mededingende rentekoerse – plus bonusrente. Persoonlike lenings. Brandversekering. Motorversekering plus nog 70 ander soorte versekering. Beplanning en administrasie van alle sake. Advies. En nog meer. Kortom, 'n afgeronde, oorsigtelike, beplande prentjie. Die doen Santam Bank reeds sedert 1918 vir mense en instansies, groot en klein. Ook graag vir u. By u naaste Santamkantoor.



Santam Bank Beperk

Santam Versekeringsmaatskappy Beperk

KANTORE DWARSDEUR DIE REPUBLIEK, SUIDWES-AFRIKA EN RHODESIE



In die jaar 2000 sal hierdie jong man in die vyftig wees—u ook

In die vyftig—en dis glad nie oud nie! U sal dan al sowat 25 jaar lank die vrugte gepluk het van u huidige opleiding—en u het miskien 'n seun wat u graag in u voetspore wil laat volg. U sal aan aftree begin dink en u het ongetwyfeld toekomsdrome vir daardie oudag—'n wêreldreis, miskien, of 'n huisie by die see—in hierdie stadium het u moontlik nog nie eers daaraan gedink nie. Die jong man hierbo het *wel* daaraan gedink. Hy het nog nie beplan wat hy gaan doen wanneer hy aftree nie—hy het net

beplan om in die jaar 2000 *in staat* te wees om te doen wat hy wil, deur *op die regte ouderdom* te begin spaar deur middel van 'n Ou Mutual-uitkeerversekeringspolis. *U ouderdom is die regte ouderdom*—volg gerus sy voorbeeld. U sal weet presies hoeveel om gereeld opsy te sit—en dit is die maklikste manier om te spaar. Die belangrikste van alles is, van die oomblik dat die polis begin, sal u waardevolle lewensdekking geniet. U naaste Ou Mutual-kantoor sal dit met genoëe met u bespreek.

DIE OU MUTUAL

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP



SAM 4363

$$G(x,h) = \frac{1}{h^2} \sum f_n \left\{ \frac{r_n^{\frac{x}{h}} \sin \alpha}{\lambda_n} \cos [\sqrt{\lambda_n} (x - a)] \right. \\ \left. - \frac{r_n^{\frac{x}{h}} \cos \alpha \sin [\sqrt{\lambda_n} (x - a)]}{\lambda_n^{\frac{1}{2}}} \sin \left(\int_a^x [\sqrt{\lambda_n} (x - w)] \sin^2 \right) \right. \\ \left. + \frac{1}{4\lambda_n} \int_x^{x+2h} q(w) \psi_n(w) \right\} [x+2] \\ + \frac{1}{4\lambda_n} \int_{x-2h}^x q(w) \psi_n(w) [x-2]$$

Dus volg weens (5) dat

$$G(x,h) = \sum f_n \psi_n(x) \frac{\sin^2 h \sqrt{\lambda_n}}{h^2 \lambda_n} \\ + \frac{1}{4h^2} \sum \frac{f_n}{\lambda_n} \left\{ \int_x^{x+2h} q(w) \psi_n(w) \right. \\ \left. + \int_{x-2h}^x q(w) \psi_n(w) \right\} [x-2h-w] \\ = \sum f_n \psi_n \frac{\sin^2 h \sqrt{\lambda_n}}{h^2 \lambda_n} + \frac{1}{4h^2} \sum \frac{f_n}{\lambda_n} \left\{ \int_x^{x+2h} \right. \\ \left. + \int_{x-2h}^x q(w) \psi_n(w) \right\} \\ = \sum f_n \psi_n \frac{\sin^2 h \sqrt{\lambda_n}}{h^2 \lambda_n} + \frac{1}{4h^2} \sum \frac{f_n}{\lambda_n} \left\{ \int_x^{x+2h} q(w) \right. \\ \left. - \int_{x-2h}^x q(w) \psi_n(w) \right\} 2 \sin^2 \\ = \sum f_n \psi_n \frac{\sin^2 h \sqrt{\lambda_n}}{h^2 \lambda_n} + \frac{1}{2h^2} \sum \frac{f_n}{\lambda_n} \left\{ \int_x^{x+2h} dt \int_x \right. \\ \left. - \int_{x-2h}^x dt \int_t^x q(w) \psi_n(w) \sin^2 \right\}$$

NASIONALE HANDELSDRUKKERY DRUK NIE NET FORMULES NIE

Ons druk prestige-jaarverslae en almanakke; pamflette, plakkate, troukaartjies en Kerskaartjies; spoggerige tydskrifte en skooljaarblaaië; Bybels en boeke in Bantoe-tale soos Tiv, Ovambo, Herero, Nama, Sjona, Zoeloe en Kôsa.

Dit toon hoe veelsydig ons is en dat ons geensins net op boeke konsentreer nie, want Nasionale Handelsdrukkery se ultramoderne drukperse lewer ook die puikste drukwerk vir handelsdoeleindes. Ons handelsdrukkery-afdeling is volkome geskei van ons tydskrif- en boekdruk-afdelings.

Sakelui het reeds agtergekom watter uitmuntende handelsdrukkery ons lewer.

Daarom dat ons nie net gevra word om matesis-formules te druk nie - hoewel Nasionale Handelsdrukkery, terloops, een van die weinige drukkerie in die land is wat matesis-formules soos hierdie kân set en druk!



Wanneer u weer handelsdrukkery beplan, vra

NASIONALE HANDELSDRUKKERY

om 'n prysopgawe uit te werk.

Verkoopafdeling:-
Grootte Kerk-Gebou,
Kaapstad.
Telefoon: 2-2124

Fabriek:-
Zeldastraat,
Elsiesrivier.
Telefoon: 98-3911

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 11 NO. 3 DESEMBER 1967

In hierdie Uitgawe

Wyle mnr. Wilfred Marais, 7

Redaksioneel

Die Vreugde van Goeie Verhoudings, 8

Prof. dr. P. W. G. Groenewoud, 8

Letterlik die Skoonste, 9

Nuwe President van die Konvokasie, 9

Ons eer hul Nagedagtenis, 10

Universiteitsnuus

Besoek Oorsee prof. en mev. H. B. Thom, 12

Geneeskunde:

Nuwe Hospitaal te Tiervlei, 13

Die Nieroorplantingsprojek, 15

Die Rugbyseisoen van 1967, 16

Die Rektor en die Studenteraad, 18

Nuwe Aanstellings, 19, 25

Dosente Oorsee, 23

Ons Neem Afskeid, 24

Kursusse, 26

Gelukwense, 27

Bouers van Matieland

Die Leeslaboratorium, 30

Hulde aan die Universiteitskoor, 31

Besoekers, 32

Oud-Maties

Die Adel van die Arbeid, 34

Nuusbrokkies, 36

Das vir Oud-Matie Gholfspelers, 38

Die Landboufakulteit 50 jaar, 38

Saamtrek van Oud-Maties 1968, 38

VOORBLADFOTO

HULLE BOU VIR DIE TOEKOMS

Die Rektor, prof. H. B. Thom, en die Administrateur, dr. J. N. Malan, teen die agtergrond van die nuwe hospitaalgebou te Tiervlei. (14 Sept. 1967.)



WYLE MNR. WILFRED MARAIS

2 Julie 1882 - 20 Junie 1967

Wyle mnr. Marais van Robinrise, Quarterdeck-Weg, Kalkbaai, het 'n bedrag van ongeveer R200,000 aan die Universiteit van Stellenbosch bemaak.

„Namens die Senaat en die Raad van die Universiteit wil ek ons innige dank en waardering vir hierdie treffende blyk van goedgesindheid teenoor en van vertroue in die Universiteit betuig. Ons sal altyd dankbare hulde aan die nagedagtenis van mnr. Marais bring; en ons spreek terselfdertyd innige waardering uit teenoor mev. Marais, met wie se goedkeuring en ondersteuning hierdie erflating aan die Universiteit van Stellenbosch gemaak is.”

DIE REKTOR, PROF. H. B. THOM

Redaksioneel

DIE VREUGDE VAN GOEIE VERHOUDINGS

Wie kan die vreugde van goeie verhoudings bepaal, en met welke maatstaf sal ons dit meet? En nogtans is ons voortdurend bewus van graadverskille in die hartlikheid of kilheid van ons verhoudings teenoor ons medemens en in openbare betrekkinge.

Wanneer die Universiteit van Stellenbosch as 'n *Volksuniversiteit* bestempel word, dui dit daarop dat reeds van die vroegste jare die oud-studente in die harte van ons volkgenote ingedring het deur die besondere leiding wat hulle gegee het, die vrug op hulle arbeid en die verspreiding van geestelike en akademiese lig tot in die uithoeke van ons land.

Die afgelope jaar het weer eens getuig van die besondere skakels van welwillendheid wat opgebou is tussen die Universiteit van Stellenbosch en mense en instansies van die binne- en buiteland, tot heil van ons studente, en deur hulle vir ons land.

Die reusagtige hospitaal te Tiervlei getuig van die goeie verhouding tussen die Universiteit en die Provinsiale Owerhede, wat met die goedkeuring en kragtige ondersteuning van die Sentrale Regering die pragtige projekte vir Geneeskunde en Tandheelkunde kon daarstel.

Met die samewerking van dr. G. P. Murphy as leier van die Amerikaanse span werkers van die Brady Urologie-Instituut van die Johns Hopkins Universiteit word 'n unieke navorsingsprogram uitgevoer deur gebruik te maak van primate as die spreekwoordelike proefkonynne, waardeur hierdie diere vir ons 'n nuwe betekenis kry.

Wyle mnr. J. H. Marais, weldoener van die Universiteit en van talle studente sedert 1916, se weldaad is opgevolg deur dié van nog Marais's, mnr. en mev. Wilfred Marais van Kalkbaai, wat na 'n halwe eeu ook 'n groot bedrag (R200,000) nagelaat het. Die beweegredes vir die nalatenskap deur mnr. Marais is groten-deels geleë in sy waardering van die persoonlikhede en prestasies van vroeëre en huidige Stellenbosse alumni.

Elders in *Matieland* word aangedui hoe oud-Maties besig is om deur hulle gesamentlike bydraes tot die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds 'n lewende monument op te rig tot blywende eer van hierdie hooggeëerde oud-Matie.

Na al die baie jare waarin daarna uitgesien is, kon die Rektor in die studentekoerant *Die Matie* aankondig dat die langverwagte studentesentrum uiteindelik teen 'n bedrag van ongeveer R450,000 'n werklikheid sal word. Dit sal na verwagting in tal van dringende behoeftes van die studente voorsien.

Die Rektor moes vir die huidige 'n keuse maak tussen die Langenhoven-Gedenksaal en die Studentesentrum omdat die studentetal (ongeveer 7,000) al só groot is dat een geboue-kompleks van albei saam nie in al die behoeftes sal voorsien nie. Die Rektor het egter die stelling gemaak dat die Langenhoven-Gedenksaal nie meer ver in die toekoms is nie.

Majuba, 'n nuwe koshuis vir nagraadse mans, is vanjaar in gebruik geneem; 'n nuwe koshuis vir dames nader voltooiing, en die eerste koshuis vir studente in die Geneeskunde sal in 1968 te Tiervlei voltooi word.

Dit was die krag en invloed van goeie verhoudings tussen die Universiteit en sy ondersteuners wat genoemde groot projekte en skenkings moontlik gemaak het.

PROF. DR. P. W. G. GROENEWOLD
(Oorlede: 10 Oktober 1967)

Matieland bring eerbiedige hulde aan die nagedagtenis van wyle prof. P. W. G. Groenewold, in lewe die Rektor van die Universiteit Oranje Vrystaat.

Prof. Groenewold het hom uitgeleef op opvoedkundige, kulturele, militêre en sportgebied en was 'n minsame mens.

Matieland bring sy opregte meegevoel aan die suster Universiteit en aan mev. Groenewold en haar kinders.



Matieland wens sy lesers 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe. Mag Sy geboortedag in die regte gesindheid gevier word en mag Sy seën u in die nuwe jaar vergesel.

LETTERLIK DIE SKOONSTE

Mnr. J. J. van Rooyen, Mede-Hoofredakteur van *Die Transvaler*, een van die drie beoordelaars van Afrikaanse Studentekoerante wat in 1966 by die Aspu ingeskryf is vir die wisseltrofee van *Die Transvaler*, skryf op 4 September 1967 na aanleiding van 'n paragraaf in *Matieland* oor „Die Beste S.A. Studentekoerant van 1966” en vra dat ons die inhoud van 'n bepaalde paragraaf regstel.

Mnr. Van Rooyen skryf o.a. : „Hierdie Oud-Matie moet vandag iets doen wat 'n koerantman nie graag doen nie en dit is om 'n brief vir publikasie te skryf om 'n fout reggestel te kry. As koerantman weet ek dat foute maar insluip, maar gelukkig weet ek ook dat publikasies nie opsetlik foute maak nie.”

(Die onderhawige paragraaf het in *Matieland* van Augustus 1967 verskyn en lui : „Dit was 'n sieraad om *Die Matie* te lees. *Die Matie* was die skoonste Suid-Afrikaanse studentekoerant”, was mnr. Van Rooyen se kommentaar.” Red.)

„Dit is dan op dié punt dat ek graag die ware toe-

drag van sake wil gee, uit billikheid teenoor die ander studentekoerante wat aan die wedstryd om die trofee meegedoen het.”

„Die betrokke woorde uit my skriftelike beoordeling kom uit my kommentaar onder die hoof *Tegniese versorging en algemene voorkoms*, een van die hoofde waaronder beoordeel en punte toegeken word. Ek haal nou uit my skriftelike beoordeling aan : „Die blokke (in *Die Matie*) druk baie mooi en is 'n sieraad in die koerant. Dit is die skoonste koerant van al die inskrywings...”

„Met die woord ‚skoon’ word hier net een ding bedoel en niks anders nie, nl. tegnies skoon en skoon in voorkoms. Dit het hoegenaamd niks te doen met inhoud of sedelike norme nie.”

„Party van die gelukwense aan *Die Matie* het van die opvatting uitgegaan dat met ‚skoon’ hier bedoel is dat *Die Matie* sedelik en eties ‚skoon’ is, terwyl daar van die ander inskrywings sou kon wees wat in joernalistieke sin ‚vuil’ koerante is.”

(Baie dankie, mnr. Van Rooyen, vir die verduideliking. Eintlik is hierdie deel van u kommentaar oor *Die Matie* 'n pluimpie vir die maatskappy wat *Die Matie* druk. Ons sê met graagte dat al sou die woord ‚skoonste’ in verkeerde sin gebruik gewees het, is dit nog steeds net die oortreffende trap van *skoon*, sonder enige bybedoelings. Red.)


NUWE PRESIDENT VANDIE KONVOKASIE

Op 'n vergadering van die Konvokasie, gehou op 20 Oktober 1967 in die Senaatsaal van die Universiteit, is prof. dr. C. G. W. Schumann gekies as President van die Konvokasie vir die oorblywende deel van die termyn wat wyle prof. R. W. Wilcocks nog moes gedien het.

Prof. Wilcocks is in Maart oorlede en sy termyn sal eers in Augustus 1968 verstryk.

Matieland wens prof. Schumann van harte geluk met hierdie eerbewys deur die Konvokasie.

Christiaan Gustav Waldemar Schumann is op 17 Desember 1898 te Klein-Drakenstein, distrik Paarl, gebore. In 1917 is hy na Stellenbosch waar hy die B.Sc.-graad in 1919 *cum laude* behaal het. Hoewel prof. Schumann al aan die einde van 1960 as professor afgetree het, is hy nog steeds voorsitter van die Beheer Komitee en Direkteur van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit van Stellenbosch.



Ons eer hul Nagedagtenis

PROF. G. B. A. GERDENER

(31 Maart 1881 – 15 Augustus 1967)

In die geskiedenis van die Kweekskool te Stellenbosch, sal dit steeds as 'n grootse voorreg en hoogste eer aangeteken staan dat hy 'n man van die formaat van prof. Gustav Bernhard August Gerdener, onder die geleedere van sy hooglaraars kon tel. Sy dienstermyn van agtien jaar aan die Kweekskool, het bygedra tot die verdere vorming van 'n hoogstaande tradisie wat reeds aan die Inrigting verbonde is.

Deur sy onderrig aan die toekomstige leraars van die N.G. Kerk, asook die leiding wat van hom op talle kerklike kommissies uitgegaan het, het hy die Gereformeerde-Evangeliese karakter van die N.G. Kerk verder bevestig.

As begaafde skrywer, het hy die Afrikaanse Teologiese literatuur pertinent uitgebrei. In die verband sal sy bydrae ten opsigte van die Sendingwetenskap, steeds hoogaangeskrewe bly. Die toekenning van twee van die hoogste erkennings wat 'n Suid-Afrikaner te beurt kan val, t.w. die Stals-prys en die D. F. Malan-medalje, was dan ook aan hom toegeken.

Dit word 'n kerk nie met elke geslag vergun om iemand met soveel gawes van hart en verstand, in sy midde te hê nie. Vir hierdie genadebetoning in



die persoon van wyle prof. G. B. A. Gerdener, sal die N.G. Kerk die Naam van die Allerhoogste steeds met dank vermeld.

Juis daarom weet ons ook dat die invloed van hierdie begenadigde man, ook nog tot in die verre toekoms sy stempel op die kerk as geheel, en die Kweekskool in besonder, sal voortdra.

N. J. SMITH

Die begrafnisrede is deur dr. J. S. Gericke gevoer n.a.v. Eseg. 2: 5: „Hulle sal moet erken dat daar 'n profeet in hulle midde gewees het.” (Red.)

DR. WILLIAM NICOL

Dr. W. Nicol (B.A. Stell. 1906, D.Phil. (h.c.) Stell. 1945), gewese administrateur van Transvaal, is op 21 Junie 1967 te Pretoria in die ripe ouderdom van 80 jaar oorlede.

Dr. Nicol het diep spore getrap in kerklike, kulturele en die openbare lewe. Weens sy leierskap en veelsydigheid was hy in sy lewe nie net beperk tot een provinsie nie, maar het hy aan die hele land behoort.

Wyle dr. Nicol is op 23 Maart op Robertson gebore as seun van 'n jong Skotse onderwyser, Matthew Nicol, en die Robertsonse boeredogter, Maria Klopers.

Van 1904 tot 1910 het hy op Stellenbosch gestudeer en was o.a. primarius van Wilgenhof. Hy het die B.D.-graad te Princeton behaal.

REGTER J. DEVOS

Regter J. de Vos is op 2 Aug. 1967 in 'n verpleeg-inrigting te Pretoria oorlede na ongesteldheid van 'n paar weke.

Hy is op 22 Julie 1916 op Worcester gebore, waar hy ook op skool was. Van 1934 tot 1938 het hy aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer waar hy die graad LL.B. behaal het. Daarna was hy 'n jaar lank registrateur van regter-president J. E. de Villiers. In 1940 is hy tot die balie toegelaat.



In die woelige oorlogsjare was hy sekretaris van die Ossewa-Brandwag en later lid van die Hoofbestuur van die Kaaplandse Nasionale Party.

Hy is in 1942 getroud met mej. I. E. du Toit, kleindogter van wyle pres. M. T. Steyn. Daar is vyf kinders in die gesin.

As advokaat het hy die regering in belangrike sake verteenwoordig soos in 1956 met die Senaatwetsaak en van 1956 tot 1961 saam met adv. O. Pirow in die hoogverraadsaak.

In April 1962 is hy as waarnemende regter aangestel en in April 1963 as volle regter van die Transvaalse Hooggeregshof.

Regter de Vos was 'n minsame mens en 'n knap vakman. Dit is nie net sy familie wat hom sal mis nie.

Mnr. J. J. Serfontein, tot onlangs minister van Maatskaplike Welsyn en Pensioene, het op 17 Oktober 1967 op sy plaas in die distrik Philippolis gesterf. Mnr. Serfontein is op 3 Februarie 1898 te Reitz gebore en het die B.A.-graad op Stellenbosch behaal. In 1932 het hy tot die Parlement toegetree en in 1954 minister van Pos- en Telegraafwese geword en was jarelank leier van die Nasionale Party in die O.V.S.

Hy laat sy vrou, 'n seun, twee dogters en ses kleinkinders agter.

Mnr. Wynand Louw, die eerste Afrikaner-argitek, is op 21 Augustus in die ouderdom van 84 jaar oorlede. Mnr. Louw het aan die Kaapstadse Normaalkollege, die Victoria-Kollege op Stellenbosch en in Londen by die Architectural Association gestudeer. In Matieland staan die koshuis Dagbreek as trotse gebou wat deur hom ontwerp is.

Mnr. H. L. (Manie) Strydom (68) van Soeteweidestraat 2, Stellenbosch, het op 9 Oktober 1967 skielik aan 'n hartaanval beswyk. Hy het in 1923 die graad B.Sc. (Agric.) te Stellenbosch verwerf en in 1926 die M.Sc. Hy het aan die Elsenburgse Landboukollege veral op Turkse tabak navorsing gedoen. Hy het in 1960 afgetree. Hy laat sy vrou en twee getroude dogters agter.

Mnr. G. J. C. Marais, 21-jarige onder-luitenant in die S.A. Vloot, het op 15 Julie 1967 by Muizenberg verongeluk toe sy motor teen die berg gebots het. Hy was die enigste seun van kmdr. en mev. C. J. L. Marais van Simonstad.

Hy was 'n briljante student wat in 1966 die graad B.Sc. Mil. te Stellenbosch verower het. Op grond van sy besondere prestasies het hy die eresabel van die Weermag ontvang – die eerste Vloot-student wat dit ontvang het.

Matieland deeply sympathises with Mr. and Mrs. *J. D. Bradfield*, Hold Fast, Flaauwkraal, Aliwal North who lost their son Dudley, a promising M.Sc. student in August on account of bleeding on the brain.

Pieter Daniel Barnard (B.A. (Stell.) 1923) het op 27 Mei beswyk op die golfbaan van Port Shepstone. Sy weduwee, mev. Eleanore Barnard, getuig van hom: „Sy geliefde Stellenbosch, Matieland, het vir hom soveel beteken dat hy nooit 'n kans laat glip het om oud-Maties op te soek nie.”

Mnr. J. C. van Reenen (60), B.Sc. (Stell.) 1926, is onverwags aan 'n hartaanval oorlede op 12 Augustus 1967. Hy het o.a. 24 jaar lank wiskunde gegee op Jan van Riebeeck en was die afgelope tien jaar onderhoof van die Hoërskool Ysterplaat. Hy word oorleef deur sy vrou, sy seun Dirk, tweedejaar ingenieurswese op Stellenbosch en sy dogter Ebeth, eerstejaar te Denneoord, Stellenbosch. J.C. was 'n minsame, hartlike mens en lief vir sy leerlinge. Diegene wat hom geken het, sal hom lank onthou.

Universiteitsnuus

BESOEK OORSEE
PROF. EN MEV. H. B. THOM

Prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, en mev. Thom, het op 7 Oktober na België vertrek, waar hulle die verrigtinge in verband met die 150-jarige bestaan van die Rijksuniversiteit-Gent as eregaste bygewoon het. Prof. Thom is ook gevra om, saam met 'n aantal verteenwoordigers van Vlaamse en Nederlandse universiteite by hierdie geleentheid oorweging te skenk aan die moontlike stigting van 'n organisasie van universiteite uit die Dietse taalgebied. Deur so 'n organisasie sal 'n verskeidenheid van gemeenskaplike belange van hierdie universiteite waarskynlik bevorder kan word.

Prof. en mev. Thom het vervolgens verskeie plekke in Engeland en Europa besoek, en het teen die middel van November in Suid-Afrika teruggekeer.

Inhoud van die adres wat deur die Rektor voorgedra is te Gent.

HEILWENSE
AAN DIE
RIJKSUNIVERSITEIT-GENT

Die Raad en die Senaat van die UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH wens die RIJKSUNIVERSITEIT-GENT van harte geluk met die bereiking van die honderd-en-vyftigste jaar van sy bestaan as setel van hoër opvoeding en navorsing in die diens van sy vaderland.

DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH ag hom bevoorreg en gelukkig dat hy 'n boodskap van welwillendheid kan oorbring, vanweë die roemryke verlede waarop die RIJKSUNIVERSITEIT-GENT kan terug kyk, vanweë die Dietse taalverwantskap met Vlaandere, vanweë die gewaardeerde uitruiling van dosente, en vanweë die hartlike, persoonlike vriendskapsbande wat tussen die Rektore en tussen dosente van ons twee universiteite ontstaan het.

Mag die roem van die RIJKSUNIVERSITEIT-GENT verder uitgroei ter bevordering en

ter verspreiding van kennis, tot die opbou van groter geeskrag, en tot ontwikkeling van die land en volk van België, alles steeds onder die beskermende en seënende hand van die Allerhoogste.


STELLENBOSCH (w.g.) H. B. THOM
3 Oktober 1967 Rektor

Die Sentrale Reëlingskomitee, Eeufees, Universiteit van Stellenbosch 1966.

V.l.n.r., sittende: Prof. G. P. J. Trümpelmann (Voorsitter van die Aksiekomitee), prof. H. B. Thom (Rektor en Voorsitter van die Sentrale Reëlingskomitee), prof. Erika Theron, prof. C. J. D. Harvey, prof. (kol.) P. J. G. de Vos.
Staande: Prof. I. S. Perold, mnr. A. J. Esterhuysen (Asst.-Skr.), prof. D. H. Craven, prof. A. P. F. L. Engelen, prof. R. H. Behrens.
Afwesig: Prof. A. Heydorn, mnr. P. J. Lombard (Skr.), prof. J. J. Müller, prof. O. E. H. Schröder, mnr. P. A. Weber.

Oud-Maties wat 'n oorsig wil hê van enkele prestasies gelewer tydens die eeufeesjaar kan 'n verteenwoordigende uitstalling daarvan sien in die Africana-kamer van die Carnegie-Biblioteek van die Universiteit. Dit is digby die D. F. Malan-Museum in dieselfde biblioteek.





Die Fakulteit van Geneeskunde Die Nuwe Hospitaal te Tiervlei

Op Donderdag, 14 Sept. 1967, het die Kaaplandse Administrateur, dr. J. N. Malan, vergesel van die L.U.K.'s, mnr. J. C. Heunis, dr. L. A. P. A. Munnik en mnr. F. A. Loots; die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. H. B. Thom; die Dekaan van die Fakulteit Geneeskunde, prof. dr. F. D. du T. van Zijl; die Mediese Superintendent van die Karl Bremer-Hospitaal, dr. R. L. M. Kotzé; mej. M. Hartman, die matrone van die nuwe hospitaal, asmede 'n hele groep professore van die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit en amptenare van die Provinsiale Administrasie die terrein van die nog onvoltooide nuwe hospitaal besoek, waar mnr. H. Niegeman, die argitek, die hele aanleg kon verduidelik.

Die Hospitaal

Die bouwerk het reeds in 1964 begin en dit sal hopek in 1970 voltooi wees. Die hospitaal sal alle kleurgroepe bedien en na verwagting by voltooiing tussen R20 en R30 miljoen kos. Wanneer dit in volle gang is, sal die personeel uit meer as 3,000 bestaan, onder wie 400 dokters en 1,000 verpleegsters sal wees.

Ongeveer een-derde van die kompleks van die nuwe hospitaal te Tiervlei.

Die gebou bestaan uit 12 verdiepings bo die grond en 2 onder die grondoppervlakte. Die buitepasiëntefdeling nader dus voltooiing. Wat op die meegaande foto te sien is, is ongeveer een-derde van die totale kompleks.

Die terrein beslaan 120 morges, waarvan 30 morges deur die Provinsiale Administrasie teen 'n nominale bedrag aan die Universiteit van Stellenbosch afgestaan is vir koshuise, vir nuwe akademiese geboue van die Fakulteit van Geneeskunde en vir die geboue van die Fakulteit van Tandheekkunde.

Die Dekaan van die Fakulteit Geneeskunde

By 'n gesellige onthaal na afloop van die besoek, het prof. dr. F. D. du T. van Zijl hulde gebring aan die gees van welwillendheid wat bestaan tussen die Provinsiale Administrasie en die Universiteit van Stellenbosch, en sy vertroude uitgesprek in die toekomstige hoofde van die nuwe hospitaal.

Die Administrateur

Die Administrateur het geantwoord dat hierdie geleentheid nog nie die amptelike opening is nie, maar tog wel 'n geskiedkundige geleentheid is. Die Provin-



*Bo-op die nuwe hospitaal te Tiervlei.
V.l.n.r. : Mnr. J. C. Heunis, L.U.K., dr. J. N. Malan
(Administrateur), prof. H. B. Thom (Rektor),
prof. F. D. du Toit van Zijl (Dekaan Fakulteit
Geneeskunde) (14 Sept. 1967).*

*Bo-op die nuwe hospitaalgebou te Tiervlei
14 Sept. 1967.
V.l.n.r. : Mnr. J. C. Heunis, L.U.K., F. A. Loots,
L.U.K., dr. J. N. Malan (Administrateur),
mej. M. Hartman, dr. J. A. Hendriksz,
prof. H. B. Thom (Rektor), mnr. H. Niegeman
(Argitek), prof. F. D. du T. van Zijl (Dekaan
Fakulteit Geneeskunde), dr. R. L. M. Kotzé
(Mediese Superintendent van die Karl Bremer-
hospitaal), mej. A. M. Venter, dr. L. A. P. A. Munnik.*

siale Administrasie het dit sy plig geag om sy verantwoordelikheid te aanvaar in verband met Stellenbosch se Fakulteit van Geneeskunde. Dit is vir hom 'n besondere voorreg om saam te werk met manne van werklike formaat van die Universiteit se kant.

Met die hospitaal en die Fakulteit van Geneeskunde ontstaan 'n blywende vennootskap, want na voltooiing van die hospitaal sal die samewerking moet voortduur.

Hierdie hospitaal is beplan volgens die model van die nuutste hospitale – so modern en doeltreffend as wat die geneeskundige wetenskap vereis, en sekerlik op die voerpunt in die Republiek van Suid-Afrika.

Die Rektor

Prof. Thom het sy hoë waardering teenoor die Provinsiale Administrasie betuig vir die samewerking en hulp. Hierdie projek sal 'n monument wees wat bo die vermoë van die Universiteit sou gewees het, as dit nie vir die samewerking van die Provinsie was nie.

Ook die Universiteit dra swaar laste om ongeveer R6 miljoen vir die Fakulteit van Geneeskunde, R1½ miljoen vir die Fakulteit van Tandheelkunde en R1.8 miljoen vir koshuise te vind.

Die Rektor het namens die Universiteit van Stellenbosch sy hartlike dank uitgespreek teenoor die Administrateur, die L.U.K.'s, die personele van die Karl Bremer-Hospitaal, prof. Van Zijl en die Fakulteit van geneeskunde. In later jare sal gemelde persone praat van die buitengewone voorreg wat hulle gehad het om hierdie projek gesamentlik aan te gepak het.




Die Nieroorplantingsprojek Fakulteit van Geneeskunde

Die Rektor van die Universiteit, prof. H. B. Thom, het onlangs besoek afgelê aan die Fakulteit van Geneeskunde by die Karl Bremer-hospitaal om te sien hoe daar gevorder word met die nieroorplantingsprojek wat tans in volle gang is.


By dié geleentheid het die Rektor onder meer die bobbejaankolonie besigtig en ook 'n nieroorplantingsoperasie bygewoon.

Meegaande foto's dui in beeld sekere aspekte van dié besoek aan :



- (a) *Dr. G. P. Murphy (Assistent-professor, James Buchanan Brady Institute of Urology, Johns Hopkins Universiteit, Baltimore, V.S.A.); prof. H. B. Thom (Rektor) en F. D. du T. van Zyl (Dekaan, Fakulteit van Geneeskunde) afgeneem by die bobbejaanhokke.*

Reg agter die here kan 'n gedeelte van die 30 bobbejaanhokke gesien word, waarin die bobbejane gebou word voor operasies. Die gedeelte regs, met die dak op, bestaan uit drie siekekamers vir bobbejane wat na operasies berstel (toegerus met gekontroleerde temperatuur). Aan die linkerkant van die hokke (nie op die foto sigbaar nie) is 'n identiese gebou met een siekekamer en 'n laboratorium.



- (b) *Oorgeplante niere na afloop van die operasie. Die aorta en vena cava – die groot bloedvate wat in die middel van die buik loop – word tesame met die twee niere uit die donor-dier verwyder. Die punte van die twee bloedvate word dan aan die voorkant van die ooreenstemmende vate van die ontvanger gelas.*

- (c) *'n Bobbejaan afgeneem in een van die spesiaal ontwerpte hokke. Hierdie bobbejaan sal eers aan verskeie toetse onderwerp word waarna hy ge-opereer sal word; òf as skenker òf as ontvanger van niere.*

Die skenker word na die verwydering van die niere om die lewe gebring en die ontvanger word dan met 'n verskeidenheid van middels behandel om die natuurlike afwerpingsreaksie van een dier teenoor die weefsel van 'n ander te probeer onderdruk.



Ons kyk terug op die Rugbyseisoen van 1967

DEUR OUD-KAPTEIN

Suidelike Universiteit

Toe die Suidelike Universiteit se span gekies is om teen Cardiff te speel, was daar uiteindelik ag van ons spelers in daardie span: Hannes Marais (kapt.), André de Wet, Faan Brynard, Albie de Waal, Poenie Holm, Eben Olivier, Jannie Engelbrecht en Taylor Botha. Twee van daardie agt het dit net-net gemaak, maar spelers soos Rampies Stander, Jan Boland Coetzee en Thys Smith, wat later vir die Westelike Provinsie gekies en dus later bo die Ikeys in hulle posisie verkies is, is weggelaat. Ek noem dit omdat dit 'n kenmerk van vanjaar se spelers was dat hulle baie verbeter het.

Westelike Provinsie

Altesame het tien van ons huidige spelers vir die Westelike Provinsie uitgedraf, nl. Thys Smith, Jannie Engelbrecht, Eben Olivier, Poenie Holm, Rampies Stander, Hannes Marais, Rooies van Wyk, Jan Boland Coetzee, André de Wet en Albie de Waal. Nie alleen is dit 'n rekord nie – as ons in terme van rekords moet praat – maar as ons oud-Maties byreken, het ons nog 'n rekord, want Adri van Wyk, Philip Court, Hannes Fabricius, Mannetjies van der Merwe, Polla Roux, Jan Tredoux en Johan Gerber laat die getal van Maties en oud-Maties styg na 17.

Tien van ons eerstespanspelers kry dus provinsiale kleure en van die ander kry die volgende W.P. onder 24-kleure: Faan Brynard, Johan van der Merwe, Taylor Botha, Andrew van der Watt, Ernest Connan (benewens Eben Olivier, Rampies Stander, André de Wet en Jan Boland Coetzee). Dis dus slegs die hakerpousie waarin ons nie provinsiale louere verwerf het nie.

Eerstejaars in die Eerstespan

Ek het gesê 'n kenmerk was die vordering van ons spelers. Dis seker nog 'n rekord: 9 eerstejaars speel op een of ander geleentheid vir ons eerstespan, nl. Andrew van der Watt, Johan van der Merwe, J. Walters, Serfaas Hofmeyr, C. Kriel, B. Steyn, Rauch van Reenen, Pally Carstens, Bokser Kotze. En as ons verder in

aanmerking neem dat 5 van hulle voorspelers is, van wie 3 vaste voorspelers, dan is dit duidelik dat 'n mens enige jong speler hard genoeg vir harde rugby kan maak.

Die Jongspan

Dat ons nog belowende spelers naas bogenoemde nege het, getuig veral twee dinge: die goeie prestasies van ons Jongspan en ons ondernegentiens. As ons ooit 'n goeie ding gedoen het, was dit om die Jongspan (onder 20) in die lewe te roep en die W.P. Unie te oorreed het om hulle in die B-afdeling van die tweedespan-kompetisie te laat speel. Onder die bekwame en vaderlike sorg van James Starke het hierdie span die ware voeders van die eerstespan geword en is daar soveel belowende spelers in hulle geledere dat diepte in ons klub verseker is.

Ons ondernegentiens, die Jongspan, het onoorwonne deur hulle kompetisies gegaan en daarenwens speel feitlik ons hele agterlyn vir die W.P. Ondernegentiens, nl. Gert Muller, Snyman, Hennie de Vos, Nel en Botha. En 'n hele paar ander moet as ongelukkig beskou word om oor die hoof gesien te gewees het.

Springbokke van 1967

Maar ons grootste prestasie lê daarin dat drie van ons spelers in al vier die toetse teen die Franse gespeel het, nl. Eben Olivier, wat ook aangewys is as die Rugbyspeler van die Jaar en wat twee pragdrieë in die toetse aangeteken het, Jannie Engelbrecht wat nou die rekord het wat toetse in die vleuelposisie betref en Kaffer de Waal. Nog twee van ons spelers het aan die Springbokproewe deelgeneem, nl. Hannes Marais en Rooies van Wyk, dus 'n derde van ons eerstespan. En as daar 'n speler is wat ook in die Springbokspan moes gewees het, was dit Hannes Marais!

Daarenwens het ons oud-Matie Dawie de Villiers die Springbokke in al vier toetse aangevoer.

Stellenbosch het nou reeds 94 Springbokke opgelewer en met die materiaal in sy midde gaan hy nie baie lank wag vir die honderdtal nie.

Ander Prestasies

Wat van ons ander prestasies?

Wat betref die spanne vir wie ons spelers gespeel het:

Die Suidelike Universiteit klop Cardiff;
Westelike Provinsie verloor g'n wedstryd nie;

Die Westelike onder-24-span ook nie, en so ook die W.P. ondernegentiens;

Ons maak nog 'n keer skoonskip met Intervarsity. Dagbreek klop die Ikey-koshuisspan 18-8

Vierdespan klop Ikeys 11-3

Derdespan klop Ikeys 21-0

Tweedspan klop Ikeys 15-8

Eerstespan klop Ikeys 13-0

Ons seniorspan gaan op toer en klop Oostelikes van Pretoria, Harlekyne, Springs en Amazol.

In vriendskaplike wedstryde hier klop ons Polisie (Kaapstad), Park (P.E.), Swifts (Uitenhage) en maak ons geskiedenis deur twee semi-provinsiale wedstryde te speel en albei te wen, nl. 'n Boland XV-tal (29-3) en 'n Oostelike Provinsie onder-24-span (29-17).

Kompetisies

Hier moet eers verduidelik word hoe die steel in die hef steek: met ons baie spelers en spanne is dit nie moontlik om vir almal in die W.P. se kompetisies in te skryf nie. Ons moes dus ons eie reëlings tref wat kortliks hier verduidelik word.

Koshuisspanne

Die elf koshuise se eerstespanne vorm een derdespanseksie in die W.P. en die wenners speel dan teen die wenners van die ander seksies. So het Huis Marais hierdie seksie om die Paul Sauer-trofee gewen, asook teen Kraaifontein, wanner van een van die ander twee seksies. Maar in die finaal teen die A-seksiewenners, nl. Ikeys, het hulle verloor. Let egter op dat Huis Marais een van elf derdespanne is, want bokant hulle is die tweedespan, die Jongspan en die eerstespan. Vir Intervarsity kies ons die beste uit hierdie elf, maar nie vir die kompetisie nie. Vir 'n koshuisspan om naelskraap teen 'n klub se derdespan te verloor, is geen geringe prestasie nie.

Ons koshuise se tweedespanne vorm ook 'n seksie van die W.P. Daar is 10 van hulle. Die wenners – om die Dönges-trofee – speel teen die wenners van die W.P. se Res. A (vierdespan). Simonsberg wat hierdie seksie gewen het, het in die eindstryd teen Villagers se vierdespan verloor. Dit beteken dat een van ons 15de tot 24ste spanne teen 'n klub se vyfdespan speel. Ek sê dit omdat ons 'n eerstespan, tweedespan, Jongspan en 11 derdespanne het en dan volg eers die vierdespanne. As ons Intervarsity speel, kies ons die beste uit hierdie spanne en die ander bokant hulle.

As ons wenners van die derde koshuisspanne – om

die Thom-trofee – teen die wenners van die Kaapse vyfdelige moes speel, sou dit beteken dat een van ons 25ste tot 35ste spanne teen 'n klub se vyfde span moes speel en as die wenners van die koshuise se vierdespanne om die S. J. Pretorius-trofee – teen die wenners van die Kaapse sesde spanne moes speel, sou dit beteken dat een van ons 36ste tot sowat 55ste spanne dit moes doen.

Simonsberg het vanjaar besonder goed gevaar en in die eindstryd teen Huis Marais om die Paul Sauer-trofee verloor. Maar hulle het die Dönges-, Thom- en Pretoriusligas gewen.

Onder Negentien

In die ondernegentien-afdeling gaan ons onoorwonne deur die kompetisie en wen hierdie skild en die Hadley Atkins-trofee ('n trofee tussen die twee universiteite). Daarbenewens wen ons ook die B- en D-afdelings.

Ons tweedespan eindig derde in die A-afdeling van die kompetisie en die Jongspan eerste in die B-afdeling van dieselfde kompetisie. In die eindstryd tussen die wenners van die A- en B-afdelings speel ons Jongspan gelykop teen die Ikeys en deel dus die beker met hulle, d.w.s. een van ons tweedespanne het teen die beste van die Ikeys se tweedespan gespeel. Vir Intervarsity kies ons die beste uit ons 2de en Jongspanne.

Die Eerste span

Ons eerstespan wen die Stadsbeker en deel die Groot Uitdaagbeker en die Piet Baylybeker met die Ikeys. Die stadsbeker word beslis nadat al die eersteligaspanne teen mekaar gespeel het. Hierna word die spanne in twee seksies verdeel en elke wedstryd tel eintlik 4 punte – 2 om die Groot Uitdaagbeker wat 'n voortsetting van die Stadsbeker is en 2 vir die Piet Bayly-trofee.

Elke Koshuis 'n Klub

Die uitslae hierbo genoem, wys waarom die klub met trots op die afgelope seisoen kan terugkyk. Die sukses van vanjaar moet in geen geringe mate toegeskryf word aan die nuwe stelsel wat vanjaar geloods is, nl. dat elke koshuis as 'n klub beskou word en daardeur verteenwoordiging in die Sentrale Bestuur het wat dan sy eie Uitvoerende Bestuur het. Die koshuise reël dus hulle eie sake en het 'n seggenskap in die rugby-sake van die klub.

Dit moet onthou word dat ons klubspanne uit die koshuisspanne gekies word en dat elke speler wat 'n koshuis afgee hom verswak. Waar die koshuise in die verlede hieroor gekla het, was dit vanjaar hoege-naamd nie die geval nie.

Die H. F. Verwoerd-trofee

Maar as vergoeding vir hierdie toestand is ingestel die kompetisie om die *H. F. Verwoerd-trofee* (dr. Verwoerd het voor sy dood R150 aan die klub vir 'n trofee

soos deur ons bepaal, geskenk). Hierdie kompetisie berus op die koshuis se prestasies in die vier koshuis-kompetisies, hulle aantal spelers in verhouding tot hulle koshuisledetal en die aantal spelers wat in elke wedstryd van die klubspanne speel. Die wenner vanjaar moet nog uitgewerk word.


Ter opsomming kan dus drie kenmerke van hierdie afgelope seisoen genoem word: die goeie prestasies van individuele spelers; die goeie prestasies van ons klubspanne; die goeie pogings van die koshuise ter wille van die klub.

Die Rektor en die Studenteraad

Die Studenteraad van 1966-1967 van die Universiteit van Stellenbosch het in die Administrasiegebou op 16 Aug. 1967 as gaste van die Rektor, prof. H. B. Thom, tee gedrink.

By dié geleentheid het die Rektor aan die Raad bekend gemaak dat die Studentesentrum teen 'n koste van ongeveer R45,000 gebou sal word op die terrein tussen die geboue van Ingenieurswese en Fisika.

V.l.n.r.: *Mnre. Japie van Wyk, G. MacMabon (Mediese Verteenwoordiger), mej. Elsabé Jansen, mnre. Johann Meyer, Bobbie Scherrer, Jan Kirsten (Red. van „Die Matie”), Anton Erasmus (Skr.), Pieter van Huyssteen (Add. lid van Uitv. Komitee), Fanie Jacobs (Tes.), Viccie le Roux (Voors.), prof. H. B. Thom, mnr. Wim Botha (Onder-voors.). Afwesig: Mnre. Johan du Toit, Christo Wiese en Dave Richter.*



Nuwe Aanstellings

MNR. D. R. SCORER

Mnr. D. R. Scorer, besturende direkteur van Afrikaanse Springstowwe en Chemiese Nywerhede Beperk en direkteur van verskeie ander maatskappye, het die uitnodiging van die Universiteit van Stellenbosch om as Trustee van die Eeufestruistfonds van die Universiteit te dien, aanvaar.

Mnr. Scorer se benoeming volg op die uittrede van mnr. W. G. Collins, hoofbestuurder van die United Bouvereniging. Met die aanstelling van mnr. Scorer bestaan die Raad van Trustees van die Eeufestruistfonds tans uit die volgende lede :

Dr. M. S. Louw (Voorsitter), dr. M. H. de Kock, mnr. J. F. Kirsten, prof. W. J. Pretorius, dr. P. E. Rousseau, dr. A. E. Rupert, prof. C. G. W. Schumann, mnr. D. R. Scorer, prof. H. B. Thom, dr. H. J. van Eck en mnr. P. J. Lombard (Sekretaris).




DIE NUWE PRINSIPAAL VANDIE
STELLENBOSCH-ELSENBURG-
LANDBOUKOLLEGE

Prof. I. S. Perold, professor en hoof van die Departement Landboubiochemie aan die Universiteit van Stellenbosch is met ingang 1 Julie 1967 aangestel as prinsipaal van bogemelde kollege. Prof. Perold volg wyle prof. M. H. (Boy) Slabber op.

Prof. Perold het in 1933 die M.Sc. Agric-graad en in 1947 die D.Sc. Agric-graad in Landboubiochemie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy was reeds van 1936 tot 1947 lektor/navorsers in Skeikunde aan die Stellenbosch-Elsenburg-Landboukollege. Van 1947 was hy lektor in Biologiese Chemie aan die Universiteit. In 1954 is hy bevorder tot professor in Voedingsleer en van 1958 was hy professor in Landboubiochemie.

In die Vrystaat was hy gemoeid met die bemestingsvereistes van mielies; hy het ook navorsing gedoen



i.v.m. bemestingsvereistes van kleingrane, veral koring en was die eerste om aandag te gee aan die mikro-elementbehoefte van landboukundige gewasse in Suid-Afrika.

Sedert 1937 het prof. Perold intensief navorsing gedoen op sekere fisiologiese gebreksiektes by plaasdiere soos lamkruis (ataxia) by skape, lae vrugbaarheid by skape en beeste, die herstel van karteling van wol by wolskape en duinetering by Humansdorp.

Hy het vasgestel dat lamkruis en swak karteling van wol te wyte is aan 'n kopertekort in die natuurlike weiding en duinetering weens gebrek aan kobalt in die weiding. Hy het daarna koper- en kobaltkomplekssoorte (chelate) saamgestel wat in 1955 deur die Regering in verskeie lande gepatenteer is.

Prof. Perold het oor die jare 'n landswye opname tot in S.W.A. en Transvaal gemaak van die makro- en mikroinhoud van natuurlike plantegroei waardeur die boere die voedingsbehoefte van hul diere bepaal.

Prof. Perold is getroud en het drie kinders. Die oudste dogter is mev. Anne-Marie de Bruyn van Ceres. Stephan is in die lugmag te Bloemfontein en Herman 'n vakkundige beampte by die Stellenbosch-Elsenburg-Landboukollege. Herman het in Desember 1965 die goue medalje van die Farmer's Weekly verower as die beste landboustudent van die jaar. In Maart vanjaar het hy die Hons. B.Sc.-Agric.-graad cum laude ontvang.

DR. P. G. SÖHNGE

Dr. Paul Gerhard Söhnge is met ingang 1 Januarie 1968 aangestel as professor in Geologie. Dr. Söhnge volg die bekende prof. Matie Taljaard op wat in Desember 1966 oorlede is.



Dr. Söhnge het in 1933 die B.Sc.-graad en in 1934 die M.Sc.-graad, albei cum laude, aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. In 1944 het hy die graad Ph.D. aan die Universiteit van Harvard op die proefskrif „The Copper Ore Deposits of Messina” verwerf.

Van 1935 tot 1937 was dr. Söhnge in diens van die afdeling Geologiese Opname. Van 1938 tot 1940 het hy sy nagraadse studie aan die Universiteit van Harvard met behulp van die Unie-stipendium van die Universiteit van Stellenbosch en die Hennen Jenningsbeurs voortgesit. Van 1940 tot 1944 was hy senior geoloog by die Afdeling Geologiese opname en in 1945 het hy Hoof-geoloog by die O'okiep Kopermaatskappy geword. Sedert 1950 beklee hy die betrekking van Hoof-geoloog by die Tsumeb-Korporasie.


Meer as twintig wetenskaplike publikasies het uit sy pen verskyn en hy het reeds verskeie studiereise in Noord-Amerika, Oos-Afrika en Skandinawië onderneem.

Dr. Söhnge is in 1913 op Saron, in die Westelike Provinsie, gebore en het sy skoolopleiding op Worcester geniet.

DR. P. J. DE WET

Dr. P. J. de Wet is met ingang 1 Oktober 1967 aangestel as professor in Skaapteelt en Wolkunde in die Fakulteit van Landbou.

Dr. De Wet het in 1958 die M.Sc. Agric.-graad, cum laude, aan die Universiteit van Pretoria behaal. Die Ph.D.-graad verwerf hy in 1961 aan die Universiteit van Leeds op die proefskrif : „The plasticity of Wool : Some physical and chemical causes of variation.” Hiermee het dr. De Wet ook die „Certificate of Merit” van „The British Wool Federation” verwerf.



Vanaf 1956 tot 1958 het dr. De Wet die pos van Assistent-Vakkundige Beampte in die Departement van Landbou-egniese Dienste beklee. Gedurende 1958 tot 1961 het dr. De Wet verskeie oorsese inrigtings besoek en is hy in 1961 aangestel om 'n Wolnavorsingslaboratorium vir die Transvaalstreek in te stel. Vanaf 1962 tot 1966 het hy die pos van senior lektor in Skaapteelt en Woltegnologie aan die Universiteit van Pretoria beklee. In Februarie 1966 is hy as Bestuurder van die Afdeling Wolproduksie van die S.A. Wolraad aangestel.

Verskeie wetenskaplike publikasies het reeds onder sy naam verskyn.

DR. J. A. DE BRUYN

Dr. J. A. de Bruyn is met ingang 1 Januarie 1968 bevorder tot hoogleraar in Botanie aan die Universiteit van Stellenbosch. Dr. De Bruyn het die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc., Cum Laude, aan die Potchefstroom-Universiteit vir C.H.O. behaal. Gedurende die tydperk 1952 tot 1954 het hy sy studie in die V.S.A. voortgesit en in 1954 die Ph.D.-graad in Plantkunde aan die Universiteit van Chicago verwerf. Sedert 1957 is dr. De Bruyn senior lektor in Plantkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Dr. De Bruyn is voorsitter van die S.A. Vereniging

vir plantfisiologie, lid van die Amerikaanse, Skandinawiese, Japannese en Indiese Plantfisiologieverenigings en ook Bestuurslid van die S.A. Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap. Hy het ook reeds elf wetenskaplike publikasies die lig laat sien.


MNR. F. DU PLESSIS,

Assistent-Bibliotekaris van die Universiteit van Stellenbosch is met ingang 1968 bevorder tot Bibliotekaris in die plek van die huidige Bibliotekaris, mnr. G. V. Marais, wat aan die einde van 1967 met pensioen aftree.

Mnr. Du Plessis het aan die Hoërskool Petrusville gematrikuleer, waarna hy in 1938 die graad B.A. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het. Hy besit ook die Diploma van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging en is 'n geassosieerde lid van dié Vereniging.

Vanaf 1939 was hy as assistent verbonde aan die Parlementsbiblioteek in Kaapstad. In 1944 het hy Organiserende Sekretaris van die Vereniging vir Boekverspreiding geword en ook toesig gehou oor die werk van die Cape Librarians Extension Association. Vanaf 1945 beklee mnr. Du Plessis sy huidige betrekking.

In 1964 is hy deur die S.A. Biblioteekvereniging vereer deur die toekenning van die C.P. Hoogenhout



Goue Medalje vir die beste Afrikaanse Kinderboek van 1963 vir sy werk, „Rympieboek vir Kinders”.

Mnr. Du Plessis was van 1962–1964 president van die S.A. Biblioteek-vereniging en hy dien tans nog in die Raad van dié Vereniging.

Hy is getroud met mej. Doreen Wookey, ook 'n opgeleide Bibliotekaresse.


MNR. A. J. ESTERHUYSE,

Openbare Inligtingsbeampte in die Departement van Ontwikkeling, is bevorder tot Assistent-Direkteur van Ontwikkeling vanaf 1 Januarie 1968 in die plek van mnr. J. E. M. Verwey.

Mnr. Esterhuysen het aan die Paarlse Gimnasium gematrikuleer, waarna hy in 1947 die graad B.A. aan die Universiteit van Stellenbosch en die Graad M.A. in Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria verwerf het.

Vanaf 1948 tot 1961 was hy verbonde aan die administratiewe personeel van die Universiteit van Pretoria. Sedert Oktober 1961 beklee hy sy huidige betrekking.

Mnr. Esterhuysen dien op Stellenbosch in verskillende openbare liggame. Hy is tans Voorsitter van die Betsie Verwoerd-tak van die Nasionale Party. Hy is lid van die F.A.K. Skakelkomitee, van die Skoolkomitee van die Laerskool Denneoord, van die Simon van der Stelkomitee, van die Rapportryerskorps van Stellenbosch en diaken in die N.G. Gemeente Stellenbosch-Welgelegen.



MNR. J. B. Z. LOUW,

Administratiewe Beampte in die Departement van Ontwikkeling is bevorder tot Senior Administratiewe Beampte in dieselfde Departement.

MNR. C. H. GROENEWALD,

leerling-stelselverwerker by Yskor in Vanderbijlpark is aangestel as administratiewe beampte in die Finansiële Afdeling van die Universiteitskantoor.

MNR. P. MARTENS,

Bestuurder van die Natalse Raad vir Uitvoerende Kuns- te en Dirigent van die Durbanse Filharmoniese Orkes is vanaf 1 Januarie 1969 aangestel as lektor in Musiek (Viool). Mnr. Martens se pligte sal intussen deur mev. I. H. K. Arzul behartig word.

MNR. H. V. HATTINGH,

senior lektor in Werktuigkundige Ingenieurswese, en

DR. D. G. KRÖGER,

navorsingsingenieur by Yskor in Pretoria, is met ingang 1 Augustus 1967 aangestel as senior lektor in Lugvaartkundige Ingenieurswese. Dit is die eerste aanstellings wat in hierdie nuwe studierigting aan die Universiteit gemaak word.

Dr. Kröger het die D.Sc.-graad aan die begin van die jaar aan die Massachusetts Institute of Technology, V.S.A. verwerf. In 1966 het hy as die beste student in Meganiese Ingenieurswese die Gerard Swope Fellowship aan die M.I.T. verower.

MNR. I. J. VANDER MERWE

is met ingang 1 Julie 1967 bevorder tot lektor in Geografie.

MNR. J. B. UYS,

lektor aan die Universiteit van Pretoria, is met ingang 1 Julie 1967 aangestel as lektor in Toegepaste Wetenskap.

MNR. J. J. W. GELEIJNSE,

lektor in Werktuigkundige Ingenieurswese, is bevorder tot senior lektor.

MNR. B. C. FLOOR,

voorheen van die Afdeling Beplanning en Produktiwiteit van die S.A.S. in Johannesburg, is aangestel as hoofnavorsers in die Sentrum vir Vervoernavorsing aan die Universiteit van Stellenbosch.

Dosente Oorsee

Prof. W. L. Mouton, hoogleraar in Fisika, het op 4 September vertrek na Tokio om die „International Conference on Nuclear Structure” by te woon. Prof. Mouton het twee referate gelewer oor die werk wat by die Kerninstituut te Faure met die Van de Graaff-versneller en by die Grootte Schuur-hospitaal met die Kobaltbom gedoen word.

Na sy besoek aan Japan het prof. Mouton laboratoria in die V.S.A. en in Parys besoek. Prof. Mouton het weer op 4 Oktober na 'n besoek aan Utrecht en Hamburg na Suid-Afrika teruggekeer.

Dr. D. J. Marais, senior lektor in Fisika, het so pas teruggekeer van 'n besoek aan Berlyn waar hy 'n kursus in verband met die hantering, bediening en doeltreffende gebruik van die Elektronmikroskoop bygevoel het. Dr. Marais het ook 'n besoek aan Cambridge gebring, waar hy samesprekings gevoer het i.v.m. 'n eenvoudige kantelmeganisme vir die Elektromikroskoop om 'n soortgelyke apparaat in die Werkswinkel van die Departement van Fisika te vervaardig.

Prof. H. A. Louw, Hoof van die Departement Mikrobiologie, het in November vanjaar met behulp van 'n Carnegie-toekenning op 'n studiereis na die V.S.A. en Kanada vertrek.

Prof. F. C. Fensham sal gedurende April 1968 die Sewende Internasionale Kongres van Ou-Testamentiese en Semitiese Studies in Rome bywoon.

Prof. P. A. Verhoef sal teen die einde van die jaar 'n lesingtoer deur die V.S.A. onderneem en Teologiese inrigtings besoek.

Dr. S. Kritzinger het in Oktober uit die buiteland teruggekeer na 'n afwesigheid van drie jaar. Hy het

in Birmingham, Engeland, die M.Sc.-graad in die fisika van vaste stowwe en daarna die Ph.D.-graad in fisiese metallurgie behaal. Hy het in elektronmikroskopie gespesialiseer. Op laasgenoemde terrein het hy die 1967-prys ontvang van die Institute of Metals tydens 'n kompetisie gehou in Wallis.

Dr. N. J. Smith, senior lektor in Sendingwetenskap aan die Fakulteit van Teologie, was na die V.S.A. en Kanada om die „International Congress on Religion, Architecture and Visual Arts”, wat op 4 September in New York en Montreal gehou is, by te woon.

Prof. J. H. van der Merwe, hoogleraar in Fisika, sal in Denver, V.S.A. navorsing doen in die Teoretiese Kernfisika.

Dr. B. V. Burger, lektor in Chemie, sal voltydse navorsing in Chemie aan die Universiteit van Keulen in Wes-Duitsland doen.

Dr. D. v. Z. Engelbrecht, senior lektor in Soölogie, sal voltydse navorsing aan die Universiteit van Frankfurt in Duitsland doen.

Dr. A. D. Malan, lektor in Anatomie, sal voltydse nagraadse kursusse in Chirurgie by die Edinburgh post-Graduate Board of Medicine en die Royal College of Surgeons of England in Londen, volg.

Mnr. Wim. J. Tijmens, kurator van die Hortus Botanicus van die U.S., was 'n jaar oorsee. Mev. Tijmens het hom vergesel. Mnr. Tijmens was vir verdere studie na die Brooklyn Botanical Garden in New York. Hy het veral die opvoedkundige aspekte van Botaniese tuine bestudeer.

Mnr. J. S. de Bruyn, senior lektor in Drama, sal voltydse navorsing doen aan die Sorbonne in Parys.

Mnr. A. C. L. Henderson, lektor in Engels, sal voltyds aan die Universiteit van Oxford studeer.

Die Universiteitsteater

In tye wanneer gekla word oor swak bywoning van toneelopvoerings deur die publiek en wanneer, blykens verslae van K R U I K, dit teenspoedig gaan met die professionele toneel, bied die verslag van prof. A. P. F. L. Engelen oor die bedrywigheid van die Universiteitsteater glad 'n ander prentjie.

Die jaar is begin met 'n werwingsveldtog vir reeks-kaartjiehouers wat gegroep is onder die naam: *Die Vriende van die Universiteitsteater*. In 1966 was daar 178 volwassenes en 61 studente, maar vanjaar het die getal gegroei tot 263 volwassenes en 235 studente.

Deur die gewilligheid van die studente in Drama om hulle vakansie in te kort, kon die première van *Bobbeltjie*, 'n blyspel van die Fransman André Roussin, reeds op 3 Maart plaasvind – skaars twee weke na die begin van die akademiese jaar.

Die bywoning van die opvoerings van die eerste semester was baie bemoedigend. Al die toneelstukke is op 4 of 5 aande opgevoer en is soos volg bygewoon (getal opvoerings tussen hakies):

- Bobbeltjie* – A. Roussin : 1,208 (4)
The Rivals – R. Sheridan : 1,898 (5)
Voëlvry – D. Opperman : 1,600 (4)
Poppekas – Tip en Tap en Die Japanse Rotskapper : 909 (2)
Macbeth – W. Shakespeare : 2,550 (6)
Kom Ons Ontspan – Ligte Nommers : 935 (3)

Altesaam het die Departement van Drama gedurende die eerste semester 19 opvoerings gegee met 'n gemiddelde bywoning van 390 per opvoering wat gelyk staan aan 87% van die kapasiteit van die H. B. Thom-teater.

Ons Neem Afskeid

MNR. GEORGE V. MARAIS

Wanneer mnr. George Vrede Marais op 31 Desember vanjaar sy amp van Universiteitsbibliotekaris neerlê, sal daar nie 'n enkele senior, nie-doserende lid van die personeel wees wat naasteby soveel diensjare as hy agter die rug het nie.

Behalwe één jaar, 1927-1928, toe hy deur die Universiteit oorsee gestuur is om aan die Universiteit van Columbia, New York, die B.Sc.-graad in Bibliotekunde te verwerf, is hy sedert 1926 sonder onderbreking in diens van die Universiteit. In daardie jaar het hy as Assistentbibliotekaris sy plek ingeneem in die kantoor van die Bibliotekaresse, mej. E. Baginski, en so doende lid geword van die personeel van drie in die Christiaan Marais-Biblioteek.

Na sy terugkeer uit die buiteland as een van die eerste opgeleide bibliotekarisse in die land, is hy in 1930 bevorder tot Universiteitsbibliotekaris. Onder die


wee van sy loopbaan was 'n byna rampspoedige brand, die voortdurende kwelling van geskikte personeel en om ruimte te vind om aan die eise van 'n snel-groeiende Universiteit te voldoen.

Maar hy kan met voldoening terugkyk op sy aandeel ter bevordering van die biblioteekwese in ons land deur behulpsaam te gewees het by vakansiekursusse in die dertigerjare; die beplanning van 'n nuwe Carnegie-biblioteek, wat begin 1939 in gebruik geneem is en die groei daarvan.

Sy lewensdrade is diep in Stellenbosch ingeweeft. Hiér is hy in 1920 as jong eerstejaar op die gebruikelike wyse by Wilgenhof verwelkom, het hy in 1922 die B.A.-graad (cum laude) en in 1924 die M.A.-graad in Latyn verwerf, het hy Hannatjie Jonker, sy toekomstige bruid, ontmoet, en is Jeanne en toe Pierre gebore.

Die mooiste wense van die Universiteit vergesel mnr. en mev. Marais in die nuwe periode van hulle lewe. Mag daar nog vele jare van gelukkige verkeer met familie, vriende en kennisse wees.

F. du P.





MNR. JAMES VERWEY,

Assistent-Direkteur van Ontwikkeling aan die Universiteit, is in 'n uitvoerende hoedanigheid aangestel in die Openbare Skakelafdeling van die Rembrandt-groep van maatskappye in Suid-Afrika.

Mnr. Verwey het die B.A.- en M.A.-grade asook die Sekondêre Onderwysersdiploma aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en in 1951 tot die onderwys toegetree. In 1957, kort nadat hy pligte as skoolhoof aanvaar het, is hy as hoofklerk in die administratiewe personeel van sy Alma Mater aangestel. Twee jaar later word hy Skakel beampste van die Universiteit en is later bevorder tot Assistent-Direkteur van Ontwikkeling. Vanjaar het hy, tydens die afwesigheid van mnr. P. J. Lombard, as Direkteur waargeneem.

Mnr. Verwey is goed bekend by oud-studente van die Universiteit en uitvoerende beamptes van 'n groot aantal sake-ondernemings met wie hy in die afgelope jare baie nou saamgewerk het in verband met die Eufesfonds van die Universiteit en ander universiteits-aangeleenthede.

Hy sal onthou word vanweë sy aangename geaardheid, sy bekwaamheid as amptenaar en sy loyaliteit teenoor die Universiteit.

Die gesin Verwey bly op Stellenbosch woon.

Laat Berig

BEVORDERINGS

Dr. J. J. W. van Zyl is met ingang 1 Januarie 1968 aangestel as professor in Chirurgie – op voltydse basis, met reg op beperkte private praktyk. Dr. Van Zyl is aangestel in die professoraat wat op 31 Desember 1967 deur sy ouer broer, prof. F. D. du T. van Zyl, ontruim word.


Dr. Van Zyl het die grade M.B., Ch.B. (1945) aan die Universiteit van Kaapstad en M.D. (1966) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Dr. Van Zyl was op verskillende tye verbonde aan die Hammersmith-Hospitaal, Londen, die Post-graduate Medical School of London, die Departement van Patologie by die Grootte Schuur-hospitaal, Kaapstad, die Conradie- en die Karl Bremer-hospitale. In 1965 het dr. Van Zyl ook navorsingswerk gedoen in die V.S.A. met 'n Post-doctoral Research Fellowship van die Duke-Universiteit.

Tans is dr. Van Zyl voltydse senior spesialis en senior lektor aan die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch en die Karl Bremer-hospitaal.

Ongeveer 19 wetenskaplike publikasies het uit sy pen verskyn en hy dien in verskillende rade en komitees, o.a. in die Raad van die Tak van Wes-Kaapland van die Mediese Vereniging van S.A.

Dr. Van Zyl het besondere navorsingswerk gedoen veral op die gebied van hoëdruk suurstof (beide laboratorium- en kliniese navorsing) en tans in verband met *orgaanoorplanting* t.w. die nieroorplantingsprojek wat tans by die Karl Bremer-hospitaal uitgevoer word.



Kursusse

GEWYSIGDE DIPLOMAKURSUS IN HUISHOUDKUNDE

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het besluit dat die tweejarige kursus vir die Diploma in Huishoudkunde en die daaropvolgende eenjarige kursus vir die Onderwysersdiploma in Huishoudkunde en Naaldwerk met ingang 1968 omskep sal word in 'n deurlopende driejarige Onderwysersdiploma in Huishoudkunde en Naaldwerk.

Hierdie wysiging bring mee dat daar tans drie kursusse in Huishoudkunde aan die Universiteit bestaan t.w. die bekende vierjarige kursus vir die graad B.Sc. in Huishoudkunde, die vierjarige kursus vir die graad B. in Huishoudkunde en die O.D.H.N.-kursus.

Die kursus vir die graad B. in Huishoudkunde word reeds van die begin van 1967 aangebied. Vir hierdie kursus kan of *Onderwys* of *Voorligting* as hoofstudierigtings gevolg word.

Vir die graad B.Sc. in Huishoudkunde kan een van die volgende vier hoofstudierigtings gevolg word, t.w. *Dieetkunde*, *Onderwys*, *Voorligting* of die *Algemeen-Huishoudkundige* rigting.

CHEMIESE INGENIEURSWESE

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het goedkeuring verleen aan die instelling van 'n *Departement Chemiese Ingenieurswese* aan die Universiteit, met ingang 1 Januarie 1968.

WYNKUNDE

Die Departement van Landbou-tegniese Dienste het die instelling van 'n *volwaardige Departement van Wynkunde* in die Fakulteit van Landbou, asook die instelling van 'n professoraat in Wynkunde, met ingang 1 April 1967, goedgekeur.

INDIENSOPLEIDING DEUR U.S.

Die Universiteit het besluit om te help voorsien in die behoefte wat daar aan indiensopleiding in die vorm van opknappingskursusse of ander spesia-

le kursusse bestaan. Hierdie diens sal deur die Universiteit op eie inisiatief aangebied word, of op spesifieke versoek van instansies wat van sodanige behoefte ten opsigte van hulle werknemers bewus is. Met die oog op die implementering van hierdie diens is 'n vaste komitee van die Senaat, t.w. die Komitee insake Indiensopleiding, in die lewe geroep.

TIPOGRAFIE

Mnr. H. J. Walter, hooftipograaf van die Nasionale Handelsdrukkery en verantwoordelike persoon vir die tipografie van *Matieland*, is aangestel as deelydse lektor in tipografie aan die Departement van Beeldende Kunste van die Universiteit van Stellenbosch.

Die tipograaf is hoofsaaklik 'n ontwerper. Hy moet dus kennis dra van die verskillende tegnieke in die drukkerskuns om te kan bepaal hoe bv. boeke, tydskrifte, reklamestukke en briefhoofde daar moet uitsien.

Hy moet ook bepaal watter metodes doeltreffend is in die produksie en vir die drukker ekonomies is.

Tipografie is dus 'n waardevolle toevoeging in die Departement van Beeldende Kunste. Daar bestaan in Suid-Afrika 'n groot behoefte aan opgeleide persone in hierdie rigting. In die werk van die tipograaf word die tegniek van die drukkerskuns en die aanleg van die grafiese kunstenaar gekombineer.

DIE AKADEMIESE JAAR VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH VIR 1968:

- Eerste kwartaal –
- Maandag, 26 Februarie tot Vrydag, 5 April.
- Tweede kwartaal –
- Dinsdag, 16 April tot Donderdag, 20 Junie.
- Derde kwartaal –
- Maandag, 22 Julie tot Vrydag, 27 September.
- Vierde kwartaal –
- Maandag, 7 Oktober tot Vrydag, 13 Desember.

Gelukwense

BESONDERE EREPENNING VIR
PROF. W. KEMPEN

Tydens die algemene vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns van 29 Junie tot 1 Julie 1967 te Bloemfontein is die Besondere Erepenning van die Akademie vir die afdeling Afrikaanse Taal- en Letterkunde aan prof. Kempen oorhandig vir sy bydrae tot die Afrikaanse Taalwetenskap.

In die huldigingswoord van prof. G. S. Nienaber is o.m. gesê prof. Kempen „staan op die voerpunt van kenners van Afrikaans en van die taalwetenskap, in die bestudering waarvan hy by ons in meer as een opsig 'n vernuwer is. Van die begin van sy dosentskap af het hy in die plek van die toe nog gebruiklike historiese beoefening van die taal 'n ander uitgangspunt gekies en die Afrikaanse taalfeite as sodanig in die blikpunt gestel, sodat die Wonder van Afrikaans uit die reënboog-kleurigheid van Afrikaans self aanskoulik geword het.”

Met behulp van sy studente het hy reeds 'n indrukwekkende versameling taalmateriaal aangelê. Sy materiaal oor streektaalverskynsels beloop ongeveer 50,000 kaartjies waarvan die WAT in ruime mate gebruik het. Sy sintaktiese en woordvormingsmateriaal in Afrikaans en Nederlands is eweneens op kaartjies aangebring: om die 20,000. „Dit het die grondslag van sy magnum opus

tot dusver gevorm, en nou verwys ek natuurlik na sy *Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans*, 1962, in vele opsigte 'n baanbrekende studie wat op sy gebied met die beste in die Diëtse lande vergelykbaar is.” Verder is hy besig met 'n uitgebreide sintaksis van Afrikaans, gegrond op hierdie materiaal, in medewerking met 'n studiegroep in Nederland wat deur wyle prof. A. W. de Groot gestig is.

Op die gebied van die taalonderwys op skool is hy bekend deur verskeie reekse taalboeke wat in medewerking met ander bekende taaldosente geskryf is, asook deur toesprake en referate by taalkonferensies en onderwyserbyeenkomste.

Hy dien al 20 jaar in die Taalkommissie, vir baie jare as sekretaris en gedurende die afgelope drie jaar as voorsitter. Hy het 'n beslissende rol gespeel wat betref die inrigting van die sewende druk van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* en die herformulering van party spelreëls.

Prof. Kempen is lid van die Beheerraad van WAT, van die Akademieraad en van verskeie onderkomitees.

PROF. A. J. BRINK

Elke Stellenbosser en in besonder elke kollega van prof. A. J. Brink, was verheug toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hom op Saterdag, 1 Julie 1967 met die toekenning van die Havenga-



prys vir Geneeskunde vereer het. Deur hom word ook die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch vereer.

Dit is vir ons 'n voorreg om prof. Brink, sy gade en kinders geluk te wens met hierdie besondere onderskeiding wat hom toegeval het. Hy verdien dit ryklik.


Die Akademie het prof. Brink vereer vir die baie waardevolle werk wat hy op meer dan een gebied van die Geneeskunde gedoen het. Ek wil ook graag getuig van die besondere betekenis wat hy vir ons Fakulteit van geneeskunde het. Sedert hy in 1956 as hoogleraar in Interne Geneeskunde aan hierdie Universiteit aangestel is, tot vandag toe, was hy nog altyd dié man van geesdrif, energie, oorspronklikheid en arbeidsaamheid, om nie alleen sy departement tot een van die mooiste in Suid-Afrika uit te bou nie, maar om terselfdertyd met soveel oorspronklike gedagtes na vore te kom dat die Fakulteit van Geneeskunde van krag tot krag kon groei.

*F. D. du T. van Zijl,
Dekaan: Fakulteit van Geneeskunde.*

DIE EGPAAR LOCHNER

Dr. J. de V. Lochner en dr. (mev.) A. Lochner is 'n egpaar wat albei by die Fakulteit van Geneeskunde is, hy as finalejaar M.B., Ch.B.-student, en sy as senior navorsingsbeampte in die Departement Interne Geneeskunde.

Hulle het albei gedurende die tyd wat hulle hier is besondere onderskeidings behaal. Dr. (mev.) Lochner



het naamlik in 1965 die F. D. du T. van Zijl-medalje verower vir die beste referaat gelewer tydens die Akademiese Jaardag van die Fakulteit van Geneeskunde. Dit is 'n Geleentheid waarby dosente en navorsers referate lewer van navorsingswerk wat hulle gedoen het. Die referaat wat dan, op grond van verskillende punte, as die beste beoordeel word, word met bovermelde prys bekroon.

Dr. J. de V. Lochner het in 1967 die Prof. en Mev. F. D. du T. van Zijl-navorsingsprys gewen. Hierdie prys word by geleentheid van die studente se Akademiese Dag, wat op dieselfde lees geskoei is as die Akademiese Jaardag, toegeken.

Dr. en dr. (mev.) Lochner het hulle op Stellenbosch reeds as studente onderskei. Nadat albei die M.Sc.-graad in Fisiologie verwerf het, is hulle in 1962 en 1963 na die V.S.A. vir verdere studie. Die D.Sc. in Fisiologie is in 1964 deur die Universiteit van Stellenbosch aan beide toegeken.

DR. C. J. JOOSTE

is aangestel as direkteur van SABRA nadat dié pos meer as vyf jaar vakant was. Hy het die D.Phil.-graad in die Sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. In 1957 het hy lid geword van die Internasionale Vereniging vir Wetenskaplike Bevolkingstudie; ook is hy lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Dr. Jooste is in dié pos aangestel, want hy is sedert 1965 sosiologiese en demografiese raadgewer van die Departement van Beplanning en dien reeds tien jaar in die bestuur van SABRA wat omvangryke navorsingswerk en publikasies in die vooruitsig stel.

DR. WILLEM DE KOCK

van Gerhardminnebron, Boskop (Tvl.) is gekies as voorsitter van die Geologiese Vereniging van S.A. In sy openingsrede het hy te Kimberley op 3 Julie 1967 gesê: „As I am the first technical appointee to this position I would like to feel that it is a tribute to the value of the geological profession to the country, rather than a personal appointment.”

MNR. M. J. OLIVIER

(B.A. (Stell.) 1932), 'n bekende in onderwyskringe en dosent aan die Wellingtonse Opleidingskollege, is

met ingang van 1968 die nuwe hoof van dieselfde kollege in die plek van mnr. C. P. van der Merwe (B.A., B.Ed. (Stell.) 1929) wat aan die einde van die jaar aftree.

MNR. D. J. VAN NIEKERK

(B.A. (Stell.) 1949), hoof van die Rembrandt-kunstiging, het die pos van hoofsekretaris van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns aanvaar. Hy het die B.A.-graad in Klassieke Tale behaal en het o.a. sewe jaar in die redaksie van *Die Burger* gedien.

DR. JOHANNES H. H. VISAGIE

(B.Sc. (Stell.) 1943); S.O.D. (1944) het op 29 April 1967 sy D.Ed.-graad ontvang. Sy proefskrif was 'n *Histories-kritiese studie van die ontwikkeling van die onderwys in die Kaapse Skiereiland en omgewing, 1839-1915*. Dr. Visagie is tans Inspekteur van Onderwys te Kaapstad.

DIE KWEEKSKOOLKOOR

wat in 1946 ontstaan het, het vanjaar sy mondigwording kon vier met 'n uitvoering in die Moederkerk Stellenbosch. Dit is die koor se voorreg dat prof. Gawie Cillié nog steeds voor die orrel die koor kon lei.

DR. G. M. C. WASSENAAR

is aangestel as psigoloog in die S.A. Weermag met die rang van kolonel en standplaas Pretoria. In 1952 het hy B.A. met lof op Stellenbosch behaal en daarna M.A. (1954) en D.Phil. in 1956.

MNR. IVOR POTGIETER,

eerste administratiewe beampte in die kantoor en amp telike atletiekafrigter van die Universiteit, se seuns toon elkeen 'n aardjie na die vaartjie.

Belius (19) is 'n eerstejaar in die Regte; die W.P. 2e graad kampioen in gimnastiek en was in 1965 lid van die S.A. Junior Gimnastiekspan na die Wêreld-Gimnastrade te Weenen, Oostenryk.

Serfie (17) is die S.A. Skole Gimnastiekkampioen vir 1966 en 1967 en was ook lid van die gimnastiekspan na Weenen.



V.l.n.r. voor: *Belius*, mnr. *Ivor Potgieter*, mev. *Potgieter*, *Francois*.
Agter: *Jessé*, *Serfie*.

Francois (15) is die W.P. (16) Skole Gimnastiekkampioen en was twee jaar die junior victor ludorum vir atletiek van die Hoër Seunskool Helpmekaar. Boonop is hy lief om te skilder.

Jessé (13) was verlede jaar die hoofseun van die Laerskool Aucklandpark te Johannesburg en stel belang in alle vorms van sport.

Bouers van Matieland

Die Leeslaboratorium van die Buro vir Studentevoorligting

Deur 'n skenking van die oliemaatskappy, Mobil S.A. Bpk., kon die universiteit op 25 Augustus vanjaar 'n laboratorium in gebruik neem waar navorsing en voorligting ten opsigte van doeltreffende leestegnieke onderneem kan word.

Suksesvolle studie en akademiese prestasie voorveronderstel effektiewe lees. Daarmee word nie net die vermoë tot vinniger lees bedoel nie, maar veeleerder die vermoë tot 'n krities-analitiese wyse van lees.

Omdat die leesproses baie dieper en breër strek as die meganiese herkenning van woorde, sluit die ondersoek na die doeltreffendheid van 'n student se leesvaardigheid die fisiese sowel as sielkundige aspekte in. Faktore soos gesigskerpte, oogbewegings, breedte van die oogspan en begrip word met behulp van 'n oogkamera ondersoek. Hierdie sensitiewe apparaat fotografeer oogbewegings tydens lees onder eksperimentele omstandighede.

Die ontleding van die 35 mm. film wat hiervoor gebruik word, toon die aantal fiksasies, die duur van die fiksasies, die lengte van die oogspan en die aantal regressies van die leser aan. Deur al hierdie gegewens te verwerk saam met die persentasie begrip van die gelese gedeelte word die leser se relatiewe leesdoeltreffendheid vasgestel.

Die resultaat van hierdie ondersoek dui aan of die student aanbeveel moet word vir die kursus in leesverbeteringstegnieke of nie.

In die leeskursus self word o.a. van 'n stel leesfilms, tagistoskope en leesversnellingsapparate gebruik gemaak. Hierdie geprogrammeerde leesonderrig lê veral klem op die ontwikkeling van 'n krities-analitiese leesvermoë – iets wat vir baie studente 'n volslae nuwe benadering tot lees beteken. Die ontwikkeling van 'n redelike hoë leesspoed gepaardgaande met groter konsentrasie is sekondêre winste uit die onderrig.

Omdat die basiese oogmerke van die kursus leiding tot doeltreffender studie is, word daar in die gevorderde stadia van die kursus ook heelwat aandag aan studiemetodiek gegee.

Met hierdie kursus probeer die Buro vir Studentevoorligting 'n langgevoelde leemte aanvul en betree hy 'n nuwe terrein in sy voorligtingswerk. Daarmee word hierdie universiteit dan ook die eerste universiteit in die Republiek wat hierdie gespesialiseerde hulp aan studente in hul strewe tot 'n waardige akademiese prestasie bied.

Mev. H. G. Erasmus besig met die leesversneller terwyl mnre. W. F. Beck en E. L. Conradie toekyk.

Mev. H. G. Erasmus en mnre. E. G. Mesk van die Buro vir Studentevoorligting demonstreer die oogkamera aan mnre. W. F. de la H. Beck (middel) Voorsitter van die direksie van die Oliemaatskappy.



Hulde aan die Universiteitskoor onder Leiding van mnr. Philip McLachlan

2 Julie 1967.

Geagte dr. Thom,

Dit is werklik by my 'n behoefte om aan u 'n briefie te skryf om te sê hoedat ons in Salisbury verryk is deur die optrede van die Universiteitskoor, hier by ons, gisteraand. Die gehoor van bykans 900 wat die saal vol gepak het – wou aan die einde van die program die koor nie van die verhoog laat gaan nie, die waardering wat deur die applous openbaar was, was iets om te beleef.

Sonder twyfel kan ons sê dat die koor die harte van die gehoor gesteel het en dat hulle die mees uitstaande ambassadeurs van Suid-Afrika is wat nog Rhodesië besoek het. Gedurende die pouse het ek met ons Eerste Minister gesels toe hy gesê het dat mens baie ver kon ry om na hulle te kom luister.

Ons wil u en die Universiteit gelukwens met 'n groep jongmense wat saam met mnr. en mev. McLachlan ons harte gesteel het en seerkerlik die Universiteit in die oë van Rhodesiërs nog 'n kerfjie hoër gestoot het. Deur hulle sang het die koor 'n boodskap gebring waaraan die mens van ons dag 'n behoefte het.

U kan met trots aan die koor dink en weet dat hulle net lof kan toegeswaai word.

Die uwe,

N. H. BRUCE, GOVERNOR, RESERVE
BANK OF RHODESIA

8 Julie 1967.

Geagte mnr. Bruce,

Hiermee wens ek ontvangs te erken van u brief van 2 deser, i.s. besoek van die Universiteitskoor aan Salisbury.

Dit was vir my werklik besielend om u brief te lees, aangesien ek – ofskoon ek dikwels waarderende woorde oor ons Universiteitskoor hoor – nog selde waardering gekry het wat met soveel innigheid en warmte gespreek het, soos die geval met u brief is. Dit spyt my van harte dat ek nie self persoonlik ook in Salisbury kon gewees het om die aand saam met u, en ander inwoners van u stad, te geniet nie.

Begrypkleryse is die Universiteit baie trots op die werk wat die Universiteitskoor doen, maar ons besef



maar alte goed dat dit veral moontlik gemaak word deur die leiding en inspirasie wat van die dirigent en sy eggenote, mnr. en mev. McLachlan, uitgaan.

Owerigens kan ek nie nalaat om u van harte te bedank vir die keurige Afrikaans waarin u brief gestel was. So 'n gebaar van welwillendheid waardeer ek ten seerste; en as ons in suidelike Afrika meer daarvan onder mekaar kan ondervind, sal ons deel van die groot kontinent 'n nog gelukkiger piek gemaak kan word.

Met hartlike groete en die meeste hoogagting,
Die uwe,

H. B. THOM, REKTOR

SANLAM SKENK REKENOUTOMATE

In 1958 het Sanlam twee rekenoutomate, die eerste met magnetiese bande in kommersiële gebruik in die Republiek, in gebruik geneem, maar hulle werkvermoë het te klein geword vir Sanlam wat hulle in Julie aan die Fakulteit van Ingenieurswese geskenk het.

Hulle is baie waardevol vir die opleiding van ingenieurs en rekenaartegnici.

Die Universiteit beskik reeds oor 'n moderne buislose elektoniese rekenaar by die Dept. van Wiskunde en 'n moderne analogrekenaar by die elektrotegniese afdeling van Ingenieurswese.

Besoekers

Sy Edele dr. W. W. M. Eiselen, Kommissaris-Generaal van die Noord-Sotho-Volkseenheid het op 10 Augustus 'n openbare voorlesing gehou oor: „Welslae of Mislukking van ons Suid-Afrikaanse Beleid van Goeie Naasbestaan? Op wie rus die verantwoordelikheid?”

Hierdie besonder insiggewende referaat is byna volledig deur o.a. *Die Burger* gerapporteer. As gevolg daarvan het mnr. L. Poolman, Posbus 222, Okahandja S.W.A., dertig kopieë aangevra vir verspreiding onder die munisipale liggame van S.W.A.

Op die onderste foto: *Prof. N. J. J. Olivier* (Hoof van die Departement van Bantoereg en -Administrasie), *prof. G. M. K. Schüler* (Hoof van die Departement Volkekunde), *Mev. Maria Malan, dr. Eiselen en mnr. A. J. Esterhuysen* (Openbare Inligtingsbeampte van die Universiteit).

Op Vrydag, 4 Augustus 1967, het die Belgiese Konsul-Generaal in Kaapstad, dr. A. Mariën, 'n noenmaal in die Hotel Lanzerac aangebied, ter ere van dr. J. de Hondt, van Gent, België, 'n besoekende dosent in Bedryfseconomie en dr. A. B. Boshoff, oud-Student en oud-dosent aan U.S., wat in September na België vertrek het om saam met dr. De Hondt navorsing te doen.

Regs onder v.l.n.r.: *Dr. A. Mariën, (Belgiese Konsul-Generaal), mev. L. De Hondt en dr. J. De Hondt.*



DR. FRANCISCO J. VELOSO,

'n regter van die inkomste-appèlhof in Lissabon het in Augustus besoek gebring aan die Universiteit. Hoe wel dit dr. Veloso se eerste besoek aan Suid-Afrika was, praat hy Afrikaans redelik goed. Dr. Veloso is 'n goeie vriend van Suid-Afrika en het reeds vyf artikels oor Suidwes- in Portugese tydskrifte gepubliseer.

Tydens sy verblyf op Stellenbosch het hy besoek gebring aan die D. F. Malan-Museum.

Onlangs het dr. Veloso in 'n Portugese dagblad 'n uiters entoesiastiese artikel oor Stellenbosch geskryf. Stellenbosch is vir hom die Coimbra (Universiteitsdorp) van Portugal.

Op meegaande foto bespreek dr. Bun Booyens, hoof van die departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde die geskiedenis van die Paul Kruger-beeldjie met dr. Veloso en mnr. J. L. Jordaan, ontwikkelingsbeampte van die Universiteit. (Foto links, bl. 33.)

MEV. VERWOERD BESOEK
STELLENBOSCH


Mev. Betsie Verwoerd was op die 23ste Oktober 'n gas van die Hortus Botanicus van die Universiteit. By dié geleentheid het sy die eerste sooi gespit vir die uitgrawings vir die nuwe damme vir waterplante, in- en uitheems. Een dam sal verwarm word vir Amasoneplante.



V.l.n.r. : Mnr. W. G. Tijmens, (Kurator van die Hortus Botanicus), mej. Alice Mertens, dr. M. P. de Vos, mnr. H. Meyer, prof. P. G. Jordaan, mnr. J. P. P. van der Merwe, mnr. A. J. Esterhuysen en mev. Betsie Verwoerd.

Op Woensdag, 14 Junie 1967 het die Nederlandse Ambassadeur, Sy Eksellensie Baron E. J. Lewe van Aduard, 'n jaarlikse skenking van boeke aan die Universiteit deur die Nederlandse Ministerie van Onderwys, Kuns en Wetenskap, aan die Universiteit oorhandig. Die oorhandiging het plaasgevind in die Africana-kamer van die Carnegie-Biblioteek. (Foto middel regs.)

V.l.n.r. : Dr. W. H. Simonsz (Kulturele Attaché van Nederland), prof. H. B. Thom (Rektor), Sy Eksellensie Baron E. J. Lewe van Aduard en prof. F. E. J. Malherbe (Voorsitter van die plaaslike tak van die Genootskap Nederland-Suid-Afrika).



DR. ERIC EASTWOOD,
C.B.E., PH.D., M.S.C., F.I.E.E.

Dr. Eastwood het Stellenbosch op 7 Junie 1967 besoek. Hy is die Direkteur van Navorsing van die „English Electric” en die Hoofwetenskaplike van die Marconi Maatskappy. Hy het S.A. besoek i.v.m. die radarstasies van die S.A.L.M.

V.l.n.r. : Mnr. R. P. G. Martin, verteenwoordiger van English Electric (Kaapstad), prof. C. L. Olën, professor in Elektrotegniese Ingenieurswese, U.S., mnr. L. L. Brinkworth, president van die S.A. Instituut van Elektriese Ingenieurs, dr. Eric Eastwood en mnr. J. F. Uys, senior lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese, U.S.



Oud-Maties

Die Adel van die Arbeid

Daar is baie mense wat dink dat die werk wat 'n *Christelike* karakter dra alleen deur predikante, ouderlinge en diakens gedoen kan word, en dat die alledaagse werk, van Maandag tot Saterdag, hoegenaamd geen diepere geestelike betekenis het nie.

Dit is 'n onBybelse gedagte!

Dit is heerlik om as ampsdraer geestelike en kerklike werk te verrig. Maar dis ewe heerlik om te weet dat ook my daaglikse werk gewyde betekenis het; dat ek God kan dien ook deur middel van die arbeid wat Hy aan my toevertrou het.

„Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen!” In hierdie arbeidsopdrag spreek God as hoogste Werkgewer tot die bruingebrande boer, die ambagsman, die kantoorclerk, die padbouer, die ploegbaas en die sorgsame huisvrou. Dit spreek tot onderwyser en leerling, tot student en dosent. Dis 'n woord vir die sakeman, die kunstenaar, die argitek en die volksleier, die geregsdienaar en die regsgeleerde, die geneesheer en die verpleegster, en so met elkeen in die groot verskeidenheid van beroepe.

Arbeid is 'n verordening van God. As Hy aan die môre van die skepping in die woorde van Gen. 1 : 28 aan die mens bevel gee om oor die aarde, oor plant en dier te heers, dit te onderwerp en te gebruik, omsluit dit in beginsel die beroepe van die eeue. En daar-

Dr. E. P. J. Kleynhans.



die opdrag word telkens deur die Skrif herhaal. Ons Meester het ons, deur Sy lering en meer nog deur Sy voorbeeld, daaraan herinner.

Wie dink hier nie ook dadelik aan Paulus nie wat later ook die vrymoedigheid gehad het om aan die Thessalonicense te skrywe: „Julle onthou tog, broeders, ons arbeid en inspanning, want terwyl ons nag en dag gewerk het om niemand van julle te beswaar nie, het ons die evangelie aan julle verkondig?” Daarom het hy ook die vrymoedigheid gehad om die slawe, ambagsmanne en boere in Kolosse aan te spreek: „Wat julle ook al doen . . . doen dit soos vir die Here.”

Laat dít dan by ons vas staan: waar ons ook al werk, en wie ons ook al dien, in die laaste instansie is God ons Werkgewer. In Sy goedheid en genade vergun die Here ons die vreugde om te werk. Hy het in die arbeid vir die mens vreugde weggeleë en arbeid leer die mens die onskatbare lesse van wysheid, vertroue, geduld en heiligheid.

Sonder die dissipline van arbeid kan geen mens ooit volkome mens word nie. Ledigheid demoraliseer en verswak die mens, maar arbeid verhef en veredel. „Die hart van die mens”, so het iemand geskryf, „is soos meulstene. Gooi koring in, en dit maal die fynste meel; laat hulle op hulleself draai, en hulle vermaal mekaar. Die hart van die mens moet besig gehou word met arbeid en goeie gedagtes, of hy verteer homself met nuttelose bekommernis en sondige vleeslike gedagtes. Hy wat werk, het maar een duiwel om teen te veg; hy wat leegloop, 'n duisend.”

Paulus het waarskynlik hieraan gedink toe hy aan die Thessalonicense geskryf het: „Want ons hoor dat sommige onder julle onordelik wandel, dat hulle nie werk nie, maar bemoeisiek is. Sulke mense bevel en vermaan ons . . . om rustig te werk en hulle eie brood te eet.”

Arbeid is 'n gawe van God aan die mens en dit is bereken om betekenis aan sy lewe en adeldom aan sy siel te gee. Daarom is dit noodsaaklik dat ons werk in die *regte gesindheid* sal benader. Min dinge is meer tragies om te aanskou as iemand wat nie sy werk geniet nie.

Omdat dit 'n verordening van God is, moet ons arbei ter wille van die arbeid en nie ter wille van die loon nie. Ruskin het by geleentheid gesê: „Julle kan



nie twee meesters dien nie – julle moet die een of die ander dien. As julle werk op die voorgrond plaas en loon op die agtergrond, dan is arbeid julle meester, en die Heer van die arbeid is God. Maar as julle loon vooropstel en daarna arbeid, dan is beloning julle meester en die god van die beloning is die duivel.

Tydens die droogte van 1933 kyk 'n vader en sy seun na die kaal velde en die lande sonder belofte. Die seun merk verbitterd op: „U werk al jare lank so hard en tog is alles tevergeefs. Kyk hoe lyk die lande.” Maar die vader het geantwoord: „Nee, my seun, dis nie verniet nie. Ons geniet darem ook die lewe, al is daar baie teleurstellings. DIS NIE DIE OES NIE, MAAR DIE WERK wat jou gelukkig maak.”

„De ziel van die menschen groeit niet van het loon, maar van den arbeid die het loon verdient.” So kon Multatuli wel sê.

Laat ons dan met lus werk. Werk is 'n prestasie, en 'n prestasie moet so wees dat die een wat dit gelewer het daarop trots kan wees.

En laat ons met blymoedigheid werk. Daar is baie

Soos in die dae van die oud-Maties stroom die studente uit die Studentekerk wat nou heet Stellenbosch-Sentraal.

15 Oktober 1967.

ander wat graag die werk sou wou doen waaroor ons miskien nou kla, maar dit nie kan doen nie weens gebrek aan opleiding, of as gevolg van siekte en liggaamsgebreke.

Dit is opmerklik hoeveel van die uitstaande Bybelkarakters juis hulle roeping van die Here ontvang het terwyl hulle in hulle werk gestaan het: Moses by die skaaptroppe; Gideon op die dorsvloer; die dissipels by die visnette.

Die Here maak veel van die arbeid! Langenhoven kon wel die versugting slaak dat die engel, gestuur om hom huis toe te haal, vir hom by sy werk sou aantref! Dat dit ook van ons waar sal wees!

(Kort samevatting van 'n preek in die N.G. Moederkerk, Stellenbosch, gelewer deur dr. E. P. J. Kleynhans.)

Mev. Rhoda Malan (geb. Krige) skrywe van Rustig, Rust-der-Winter op 29 Aug. 1967 :

Ons het almal die artikel oor Oom Japie Home in die Augustus-uitgawe van *Matieland* geniet. Net jammer dat daar so 'n groot fout begaan was oor my vader se ouderdom. Hy is in 1953 oorlede in die ripe ouderdom van 91 jaar toe die „kuiken” (die nimlike ek) reeds die 60-jaar merk oorskry het.

(Baie dankie, mev. Malan. Ons bêre die ware verhaal van die verdwene vlae vir 1968. Red.)

DIE VIERDE GESLAG IS GEREED

Mev. A. B. Roux, Murraystraat 209, Brooklyn, Pretoria skryf op 16 Aug. 1967 :

Mag ek u hartlik bedank vir die blad *Matieland*. My man en ek geniet dit só om dit te kry. Ons is albei oud-Maties en vreeslik geheg aan en erg oor die Universiteit Stellenbosch. Ek is groot gemaak met die wonder van Stellenbosch.

My pa, mnr. Kosie du Toit, was 'n Wilgenhoffer plus-minus 1919-'20 en dit was vir hom die naaste aan die paradys! Gevolglik word my kinders nou ook groot gemaak vir Stellenbosch – waarlik wat 'n plek!

My oupa, ds H. J. L. du Toit, was in die eerste M.A.-klas op die Universiteit Stellenbosch, toe Victoria-Kollege. Ek is die derde geslag oud-Matie en hier wag nog drie nuwe Maties in Pretoria – oor 'n paar jaar!

(Dit wys net : Om 'n Matie te wees, is nie 'n tydelike verskynsel nie – dit is 'n permanente *toestand*. Red.)

NOG 'N MATIEREKORD?

Mnr. J. B. le Roux (1929–1932) van Lumier, Vanderbylpark skryf op 18 Augustus :

Ek het begin wonder of ek nie ook in 'n soort Matierekord betrokke is nie. Die ding steek so in mekaar : Ek en my vrou sy het self Matie-bloed in die are (die dogter van ds. A. Stöckenström) het net drie kinders, al drie dogters.

Nadat hulle agtereenvolgens hulle kursusse in *Matieland* sonder akademiese teëspoed voltooi het en elkeen 'n tyd onderwys gegee het, is al drie in kronologiese volgorde met tydgenootlike Maties getroud :



V.l.n.r. : *Alex se Matiesuster, Le Febre van Zyl; Sänchen, die derde bruidjie; mnr. J. B. le Roux, vader van die bruid; Inge Lloyd, die kleinkind.*

Mariann met Pegasus Lloyd, nou area-superintendent by Sasol; Jeanne met Eben Odendaal, predikant van N.G. gemeente Zwaanswyk en Sänchen met Alex van Zyl, in diens van Anglo-American en tans besig met nagraadse studie in Geo-fisika.

Al drie se trourokke is deur hulle moeder ontwerp en gemaak!

(So 'n Matietradisie kan nog baie jare voortgesit word! Red.)

PROF. J. D. J. HOFMEYR,

B.Sc. (Agric.) Stell. 1925 M.Sc. (Agric.) 1927, hoof van die Dept. Genetika, Universiteit Pretoria, is uitgenooi om die wetenskaplike konferensie : „VII Reunion Latinoamericana de Fitotecnia”, 17–23 September 1967, te Caracas, Venezuela by te gewoon het. Hy het 'n referaat gelewer oor sy navorsing i.s. die genetika van die papaja. Op dié gebied het hy reeds internasionale erkenning gekry.

NOSTALGIA

Mev. Carina van Heerden (mej. Burger, B.Sc. Huis-houdkunde 1943) van Mtubatuba skryf op 16 September :

Ek wonder of u u kan indink in die gedagtes wat alles by 'n mens wakker gemaak word by die lees van elke *Matieland*, veral as jy in 'n vry afgesonderde omgewing woon – afgesonder in die sin van baie geringe kontak met ander oud-Maties!

Behalwe die aangename nostalgia is dit 'n uitstekende manier van tred te hou met sommige van die Universiteit se bedrywighede, personeelnuus en bekendmaking van nuwe kursusse.

Dit lyk my die Universiteit Stellenbosch is so jonk in sy uitkyk dat die beswaar nie gemaak kan word dat Stellenbosch nie sy deel bydra tot die intellektuele ontwikkeling nie. Ek wonder net of al die opleiding uiteindelik tot die maksimum in die belang van die land gebruik word.

(Komaan Maties, moenie deur Mtubatuba jaag nie! Gaan drink daar koffie! Red.)

TAAI OUD-WILGENHOFFER

Mnr. A. S. Joubert van posbus 15, Lindley, skryf:

„Ek en 'n tweelingbroer, Francois Johannes, het saam in Wilgenhof loseer. Hy is toe aan maagkoors oorlede en in die Gedenkboek van Wilgenhof kom ons twee se name voor as van die vroeëre inwoners daar, met agter my naam in hakies ‚Vroeg oorlede‘”.

„Ek het egter my onderwysloopbaan op Brandfort begin in 1918 met as leerlinge M. C. de Wet Nel in st. VII en dr. H. F. Verwoerd in matriek.”

(Ons vertrou die Wilgenhoffers sal dit korreger. Red.)

OUD-MATIES IN LONDEN

Op Saterdag, 8 Julie, het 21 oud-Maties baie gesellig aan huis van mej. Martie Retief saamgekom.

V.l.n.r.: *Mev. en mnr. P. J. Lombard, mej. Martie Retief (Sekretaresse) en mnr. Buddy Hinds, voorsitter van die tak.*



Dit was 'n gelukkige sameloop van omstandighede wat vir mnr. en mev. P. J. Lombard (Direkteur van die Departement van Ontwikkeling van die Universiteit) ook by hierdie geselligheid gebring het. Mnr. Lombard het die oud-Maties ingelig oor aangeleenthede rakende die alma mater asook oor die Amerikaanse gedeelte van hulle toer. Smaaklike verversings is bedien en die ou gees van *Matieland* het beslis weer 'n deel van Londen verlig!

Die Bestuur het groot planne vir insameling van fondse vir die Tak en die uitbouing daarvan.

MALMESBURY

Vyftig oud-Maties van die Swartland het op 17 Augustus gesellig in 'n plaaslike hotel byeengekom. Ten spyte van die koue het die oud-Maties geesdriftig oor *Matieland* gesels en die aand terdeë geniet. Mnr. A. J. Esterhuys, Openbare Inligtingsbeampte van die Universiteit, het oud-Maties kortliks toegesprek waarna dr. C. Hanekom van die Departement van Volkunde van die Universiteit gepraat het oor „Enkele aspekte van die Suid-Afrikaanse Kontaksituasie”.

Die tak het ook 'n nuwe bestuur soos volg gekies: Voorsitter: Mnr. P.W. de Bruin; Onder-Voorsitter: Mnr. A. S. Meyer; Sekretaresse: Mev. T. van Niekerk; Lede: Mej. A. J. Steyn en mnr. E. Pienaar.

Op meegaande foto verskyn die twee besoekers van Stellenbosch saam met lede van die bestuur.

V.l.n.r.: *Mnr. A. S. Meyer, dr. C. Hanekom, mev. T. van Niekerk, mnr. A. J. Esterhuys, mej. A. Steyn en mnr. E. Pienaar.*
Die Voorsitter (mnr. P. W. de Bruin) was afwesig weens siekte.





Op meegaande foto wys mnr. A. J. Esterhuysen, Openbare Inligtingsbeampte van die Universiteit, die das aan twee bekende oud-Matie gholfspelers, mnre. S. P. van Blerk en Fred Taljaard. Laasgenoemde is die gewese Universiteitsklubbekampioen asook die Stellenbosse Gholffklubbekampioen. Hy is tans die Bolandse Gholffkampioen.

DAS VIR OUD-MATIE GHOLFSPELERS

Die nuwe das vir oud-Matie gholfspelers is beskikbaar by die leweransiers van universiteitskleure. Die das is ontwerp met die universiteitswapen op 'n blou agtergrond met twee gekruiste gholfstokke onder die wapentjie.

LANDBOU-FAKULTEIT AAN U.S. HERDENK 50-JARIGE BESTAAN

Die Fakulteit van Landbou van die Universiteit van Stellenbosch reël gedurende April 1968 'n simposium ter herdenking van die vyftigste verjaardag van die

Fakulteit en tegelykertyd word die 80ste verjaardag van Hoër Landbou-onderwys op Stellenbosch herdenk.

Die tema van die simposium is :

In Erkenning tot Tagtig Jaar van Hoër Landbou-onderwys en Landbou-navorsing aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die verrigtinge neem 'n aanvang op Dinsdagaand, 9 April 1968, met 'n openingsdinee wat aangebied word deur die Rektor en mev. H. B. Thom. Sy Edele die Eerste Minister adv. B. J. Vorster het reeds die uitnodiging aanvaar om die opening van die simposium by hierdie geleentheid waar te neem.

'n Besondere omvattende feesprogram word beplan en uitnodigings word gerig aan al die oud-Landboustudente van Stellenbosch om hierdie verrigtinge wat van 9 tot 11 April sal duur, by te woon.

'n Beroep word op belangstellendes gedoen om nou reeds met die Dekaan van die Fakulteit van Landbou, Universiteit van Stellenbosch in verbinding te tree. Huisvesting sal in 'n universiteitskoshuis aan feesgangers verskaf word.

Uitnodigings is aan verskillende vooraanstaande ekonome, wetenskaplikes en landboukundiges gerig om tydens die simposium op te tree.

SAAMTREK VAN OUD-MATIES OP STELLENBOSCH: 1968

Die Departement van Ontwikkeling reël die tweejaarlikse saamtrek van oud-Maties vir April 1968 sodat dit saamval met die 50ste verjaardagviering van die Fakulteit van Landbou.

Soos in die Feesjaar, sluit hierdie saamtrek weer eens verskillende sporttoernooie soos tennis, golf en rolbal in, sosiale byeenkomste soos 'n dansparty en 'n vleisbraaifunksie, en 'n sportprogram. Oud-studente sal ook die geleentheid hê om die universiteitsgeboue, botaniese tuin, D. F. Malan-museum en ander plekke waarin hulle belangstel, te besoek.

Die saamtrek vind plaas op Donderdag, 11 April. Volledige besonderhede word vroeg in die nuwe jaar aan Oud-Maties verstrekk. Oud-Maties kan intussen sorg dra dat die Departement van Ontwikkeling oor hulle jongste adresse beskik.

Die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds

(Tjeks aan die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds, p.a. Mnr. F. D. Conradie, L.U.K., Posbus 456, Kaapstad.)

| | |
|---|-----------|
| Reeds erken in Augustus-uitgawe | R6,731.49 |
| Mej. M. E. Eich, Riebeeckstraat 78, Worcester ... | 20.00 |
| Mev. F. Papendorf, Wilberforcestraat 39, Strand | 25.05 |
| Mnr. P. I. Hoogenhout, Posbus 3032, Ver- | |
| eeniging | 20.10 |
| Dr. M. J. Olivier, Pk. Oshakati, Ovamboland | 20.00 |
| Mev. S. de Klerk, Amsterdam | 1.00 |
| Mnr. H. Rotter, Tsumeb, S.W.A. | 20.00 |
| Ds. F. J. van Loggerenberg, Wonderboom-Suid, | |
| Pretoria | 10.00 |
| Sy Edele T. J. A. Gerdener, Administrateurskan- | |
| toor, Pietermaritzburg | 50.00 |
| Dr. J. J. Bornman, Posbus 509, Vereeniging ... | 30.00 |
| Mnr. T. H. S. Barnard, Fort Victoria, Rhodesië | 20.00 |
| Prof. M. A. Hough, Universiteit van Zambia, | |
| Lusaka | 50.00 |
| Mev. J. B. Slabbert, P.s. 19, Inyazura, Rhodesië | 25.00 |
| Mnr. T. van Eeden, Nywerheidskool, Pk. Disko- | |
| bolos | 2.00 |
| Mnre. Lange, Joubert, Carr & Blaauw, Posbus 6, | |
| Upington | 30.00 |
| Dr. S. L. van Wijk, Ambassade, Köln | 50.00 |
| Mnr. W. S. Conradie, Posbus 242, Uitenhage | 50.00 |
| Dr. A. A. von Maltitz, Anglovaal House, Johan- | |
| nesburg | 100.00 |
| Mnr. H. J. Groenewald, Posbus 5, Perdeberg ... | 20.00 |
| Mnr. N. Stevens, Otavi, S.W.A. | 25.00 |
| Mej. A. E. Snyman, Universiteit, Potchefstroom | 25.00 |

... Hoewel ek geen oud-student van Stellenbosch is nie ...
 Ek het op die oomblik drie seuns wat in Stellenbosch stu-
 deer. Ek sal graag in die naam van elkeen van hulle R20
 tot die fonds wil bydra ... hiermee R20 in die naam van
 David ... Volgende maand in die naam van ...

G. D. Scholtz

| | |
|--|-------|
| Mnr. Paul Roux, Franschhoek | 15.00 |
| Mnr. J. Joubert, Pretoria | 20.00 |
| Adv. J. van Z. Steyn, Dorpsstraat 1, Kaapstad | 50.00 |
| Prof. M. G. Loubser, Posbus 168, Bellville ... | 50.00 |
| Dr. en Mev. H. P. Langenhoven, Tienie Louw- | |
| straat 6, Sasolburg | 25.00 |
| Mnre. Louw & Nöthling, Sanlamgebou, Paarl | 50.00 |
| Mnr. A. F. Cilliers, Posbus 32, Fraserburg ... | 20.00 |
| Mev. J. M. Viljoen, Posbus 10, Luckhoff ... | 20.00 |
| Mnr. J. C. Cronje, Posbus 2673, Pretoria ... | 20.00 |
| Mnr. P. Aucamp, Posbus 168, Bellville | 50.00 |

| | |
|---|--------|
| Mnr. G. W. H. Wohlers, Grootfontein, S.W.A. | 20.05 |
| Dr. Anton Rupert, Stellenbosch | 100.00 |
| Mnr. H. Steyn, P.a. Jan S. de Villiers en Seun, | |
| Kaapstad | 100.00 |
| Dr. J. J. Berends, Posbus 72, Paarl | 10.00 |
| Mnr. J. E. M. Verwey, Stellenbosch | 20.00 |

*Dit is outeursgeld van die boek „Verwoerd aan die Woord”,
 en die kinders, wat oud-Maties is, voel saam met my dat ons
 dit beste op dié wyse kan bestee.*

(Mev.) E. Verwoerd

| | |
|--|--------|
| Mnr. J. F. Uys, Fakt. van Ingenieurswese, Stel- | |
| lenbosch | 50.00 |
| Mnr. H. F. O’Kennedy, Le Rouxstraat, Montagu | 20.00 |
| Mnr. F. K. Maré, P.a. Venter, Havemann & | |
| Maré, Viljoenskroon | 20.00 |
| Prof. (Kol.) P. J. G. de Vos, Militêre Akademie, | |
| Saldanha | 20.05 |
| George Afrikaanse Sakekamer | 126.03 |
| Mnr. H. Muller, Posbus 2799, Kaapstad | 20.00 |

*Dit is diesulkes wat die ruggraat van ons volk uitmaak en
 wat ons reeds te lank verwaarloos het.*

Fred Stiglingh

| | |
|---|--------|
| Mnr. N. M. Boonzaaier, Posbus 28, Wolmarans- | |
| stad | 100.00 |
| Mnr. Nico de Kock, Rustig, Orchard | 20.00 |
| Schoemans Kantoortoerusting- en Diens, Wind- | |
| hoek | 20.00 |
| Mnr. D. J. Potgieter, George | 20.05 |
| Mnr. J. C. de Klerk, Landboukollege, Glen ... | 20.05 |
| Mnr. G. J. Truter, Onderstepoort | 10.00 |
| Mnr. W. C. le Roux, Posbus 80, Bothaville | 25.00 |
| Mnr. P. Joubert, Universiteit, Kaapstad | 20.00 |
| Mnr. en Mev. A. F. Gous, Ondangua, Ovambo- | |
| land | 20.00 |
| Mnr. P. L. Hattingh, Posbus 2778, Windhoek | 20.00 |
| Dr. en Mev. C. R. van der Merwe, Arcadiastraat | |
| 870, Pretoria | 20.00 |
| Dr. J. J. W. van Zyl, Posbus 276, Bellville ... | 25.00 |
| Mnr. en Mev. C. F. W. Kossatz, Nassastraat 13, | |
| Quellerie Park | 20.00 |
| Personeel en Kinders van die Charlotte Theron | |
| Kinderhuis, Posbus 14, Bethlehem | 12.00 |
| Rente | 17.75 |
| Mej. S. A. Pio, Posbus 3246, Port Elizabeth ... | 10.00 |
| Mev. (Ds.) Jac. Conradie, Rosmeadlaan 3, Tuine, | |
| Kaapstad | 10.00 |

| | | | |
|---|--------|--|--------|
| Mnr. J. Retief, Johannesburg | 20.00 | Rente | 45.86 |
| Mnr. J. S. J. van Rensburg, Petrusburg, O.V.S. | 20.05 | Prof. P. C. de Villiers, Universiteit, Stellenbosch | 15.00 |
| Mnr. Hubert du Plessis, Tintinkielaan, Stellenbosch | 20.05 | Mnr. J. A. de Wet, Flinderslaan 454, Pretoria | 30.00 |
| Ds. A. J. Etsebeth, Outjo, S.W.A. | 10.00 | Dr. L. T. Badenhorst, Posbus 1, Sanlamhof ... | 30.00 |
| Dr. A. J. Boëseken, Oranjezicht, Kaapstad ... | 25.00 | <i>Prof. J. H. Neethling verkeer tans in die plaaslike hospitaal en het versoek dat ons die bydrae namens hom stuur . . .</i> | |
| Dr. A. J. la Grange, Brooklyn, Pretoria | 25.00 | Mnr. D. J. du Preez, Posbus 2911, Johannesburg | 50.00 |
| Mnr. N. J. Jooste, Windhoek, S.W.A. | 10.05 | Mnr. C. G. de Kock, Petrusastraat 33, Bellville | 100.00 |
| Mnr. J. K. Uys, S.A. Ambassade, 5, Köln | 50.00 | Prof. J. H. Neethling, Noordwal, Stellenbosch | 100.00 |
| Mnr. G. F. Smalberger, Dept. van Justisie, P.S. 81, Pretoria | 25.00 | Mev. (ds.) G. J. P. Kriel, Die Pastorie, Koringberg | 20.00 |
| Mnr. W. B. Coetzer, Posbus 1242, Johannesburg | 100.00 | Mnr. D. E. Bosman, P.a. Dept. van Waterwese, Pretoria | 20.00 |
| Mnr. G. van der Merwe, Lourensfordweg 2, Somerset-Wes | 20.00 | Mev. D. C. Rossouw, Posbus 18, Sunland ... | 20.00 |
| Mnr. G. F. Loedolff, Universiteit, Stellenbosch | 20.00 | Mnr. R. B. Rörich, Sanlam, Sanlamhof | 20.00 |
| Mev. Rina Smit, Posbus 77, Danielskuil | 20.00 | Sy Ed. Regter Dr. C. G. Hall, Soete Inval, Robertson | 15.00 |
| Mnr. S. P. Malherbe, Menlo Park, Pretoria ... | 10.05 | Mnr. W. J. Grebe, Donerailerstraat 5, George | 20.00 |
| Mnr. en Mev. Piet van Niekerk, Posbus 49, Bonnievale | 100.00 | Mnr. E. J. D. Heese, Manningweg 308, Durban | 20.00 |
| Ds. D. J. Malan, Posbus 396, Bloemfontein ... | 20.00 | Die Studenteraad, Universiteit, Stellenbosch ... | 600.00 |
| Mnr. S. J. H. Claassens, Kenhardt | 20.00 | J. A. Labuschagne, Troonweg 79, Johannesburg | 10.00 |
| <i>As lid van 'n komitee wat verantwoordelik is vir die toekenning van beurse en lenings is ek ten seerste bewus van die behoefte . . .</i> | | | |
| <i>Prof. W. Boeddinghaus</i> | | | |
| Mnr. Werner Scholtz, Posbus 8124, Johannesburg | 20.00 | Mnr. H. R. van der Poel, Posbus 2799, Kaapstad | 10.00 |
| Mnr. W. L. von R. Scholtz, Posbus 8124, Johannesburg | 20.00 | Mnr. J. G. S. Otto, Johannesburg | 50.00 |
| Mnr. A. van der Dussen, Dept. Bospou, P.S. Sabie | 5.00 | Dr. J. J. Berends, Posbus 72, Paarl | 10.00 |
| Dr. S. H. Pellissier, Posbus 17011, Pretoria ... | 20.00 | Mnr. P. Mouton, Newtown, Johannesburg ... | 25.00 |
| Mnr. C. P. van der Merwe, Opleidingskollege, Wellington | 20.00 | Mnr. J. L. Jordaan, Universiteit, Stellenbosch | 20.00 |
| Mnr. J. Bosman, Posbus 3079, Kaapstad | 20.00 | Mej. M. I. Murray, Kei Apple Grove, Seepunt | 20.00 |
| Mnr. J. H. Smit, Posbus 2911, Johannesburg ... | 10.00 | Mnr. J. Theron, P.a. Volkskas Beperk, Pretoria | 25.00 |
| Mnr. G. R. Pauw, Posbus 3079, Kaapstad | 20.00 | Mnr. J. C. Markotter, Sunnyside, Pretoria ... | 20.00 |
| Mnr. J. A. Nel, Die Ou Mutual, Kaapstad | 25.00 | Dr. G. R. Pienaar, Kerkstraat 2, Wellington ... | 10.00 |
| Mnr. E. J. J. Olivier, S.A. Ambassade, Canberra, Australië | 20.00 | Mnr. N. J. le Roux, De Keur, Durbanville ... | 4.00 |
| Mnr. en Mev. A. C. Lombard, Daleweg 176, Pretoria | 50.00 | Mnr. C. J. Joubert, Stellenbosch | 5.00 |
| Mnr. A. J. Esterhuysen, Dept. van Ontwikkeling, Stellenbosch | 25.00 | Mnr. A. J. de Villiers, Posbus 21, Napier ... | 20.00 |
| Mnr. F. J. Stiglingh, Van Riebeeckstraat 23, Stellenbosch | 25.00 | Ds. en Mev. J. J. Griesel, Posbus 6, Morgenzen „Goedgesind”, Stellenbosch | 5.00 |
| Mnr. H. C. van Niekerk, Posbus 302, Kroonstad | 20.00 | Dr. D. M. de Waal, Kerklaan 355, Pretoria ... | 25.00 |
| Mnr. A. E. Strydom, Danie Theronstraat 15, Beaufort-Wes | 25.00 | Ds. P. E. S. Smith, Van Stadenweg 65, Pretoria | 20.00 |
| Adv. P. E. Linde, Posbus 1, Sanlamhof | 15.00 | Mnr. J. H. Stander, P.S. 4323, Durban | 100.00 |
| Mnr. M. C. Briers, Brandstraat, Smithfield ... | 20.00 | <i>. . . Verwysende na die studiefasiliteite vir bruikbare jongmense in teenstelling met briljante jeug, is my die verfrisendste gedagte . . .</i> | |
| Prof. Dr. W. Boeddinghaus, Webbstraat 5, Bloemfontein | 12.00 | <i>E. Nieuwoudt</i> | |
| N.G. Gemeente Buffelsrivier, Clivelaan 16, Greenfields, Oos-Londen | 28.00 | W. J. Gouws, P.a. Trust Bank, Queenstown ... | 5.00 |
| <hr/> | | | |
| Mnr. D. Taylor, P.a. Trust Bank, Oos-Londen ... | | | |
| Mnr. J. M. Potgieter, Kaapstad | | | |
| Mnr. G. S. Moller, Murraystraat 6, Wellington | | | |
| Ds. P. du Toit, Posbus 4680, Kaapstad ... | | | |
| Mnr. E. Louw, Posbus 137, Durbanville ... | | | |
| Ds. A. E. van Niekerk, Sarel Cilliersstraat 17, Parow | | | |
| Mnr. R. P. Conradie, Universiteitskantoor, Stellenbosch | | | |
| Mnr. D. F. Q. du Toit, Posbus 325, Paarl ... | | | |

| | | | |
|--|-------|--|-------|
| Ds. R. Fourie, Prince Alfred's Hamlet | 10.10 | P. G. W. Grobler & Groenewaldt, Posbus 3151, Pretoria | 10.50 |
| Mnr. F. J. Mostert, Markstraat 7, Hopefield ... | 20.00 | Mnr. D. v. d. S. Roos, Bourkestraat 190, Pretoria | 10.00 |
| Ds. W. P. Laurie, Voortrekkerstraat 54, Porterville | 10.05 | Mnr. J. J. Oosthuysen, Stellenbosch | 20.00 |
| Oud-Maties, Trust Bank, Bloemfontein | 50.00 | Mnr. en Mev. L. C. le Roux, Helderbergstraat 9, Stellenbosch | 10.00 |
| Mej. M. J. A. Münchmeyer, Vooruitsig 5, Paarl | 5.00 | Mnr. F. Hanekom, De Beersweg 93, Strand ... | 20.00 |
| Mnr. en Mev. E. Nieuwoudt, Uniegebou, Pretoria | 4.00 | Mnr. G. E. Smit, Von Wiellighstraat 345, Pretoria | 5.00 |
| Brigadier G. N. Robertson, MacKenziestraat 24, Pretoria | 25.00 | Mnre. Heunis, Botha en Wiggett, Posbus 260, George | 10.00 |
| Mnr. D. L. van den Berg, Joubertstraat 9, Caledon | 20.00 | Ds. D. R. Pepler, Van der Stelstraat 95, Port Elizabeth | 10.00 |
| Prof. J. F. Kirsten, Jonkershoekweg 70, Stellenbosch | 50.00 | Mnr. M. Rode, Victoriaweg 112, Parow | 10.00 |
| Mnr. J. J. le Roux, Smithfield, O.V.S. | 2.00 | Mnr. G. P. Nel, Rietfontein, Pretoria | 10.00 |
| Mnr. F. I. de Waal, Vanderbijlpark | 2.00 | Mnr. E. A. Bartel, Stirling, Oos-Londen ... | 5.00 |
| Mnr. H. P. D. Barnard, Graaff-Reinet | 2.00 | Mnr. J. H. T. Schreuder, Posbus 3079, Kaapstad | 20.00 |
| Mnr. C. P. Greyling, Bloemfontein | 10.00 | Mnr. H. J. van Rensburg, Posbus 66, Vosburg | 30.00 |
| Mnr. F. le Roux Hugo, Kaapstad | 20.00 | I. P. J. du Plessis, Dan Pienaar, Bloemfontein ... | 3.00 |
| <hr/> | | | |
| <i>Vir my was hy meer as bloot net „die leier na my hart“.</i> | | | |
| <i>Stanley van Wijk, Köln</i> | | | |
| <hr/> | | | |
| Mnr. J. M. S. Visagie, 13de Laan 64, Bellville | 5.00 | Mnr. J. T. Albertyn, Nasionale Party, Port Elizabeth | 10.00 |
| Mnr. R. Hirtzel, Raad van Beheer oor Vee- en Vleisnywerhede, Pretoria | 5.00 | Mnr. L. Jordaan, Posbus 233, Middelburg, K.P. | 20.00 |
| Mnr. H. J. Steenberg, Vosstraat 151, Pretoria | 40.10 | Ds. M. R. Heyns, Madwaleni Sendingstasie, Transkei | 10.00 |
| Mnr. A. Steyn, Posbus 3079, Kaapstad | 3.00 | Ds. P. G. Rossouw, Posbus 83, Messina | 20.10 |
| Prof. J. A. Wiid, Jonkershoekweg 3, Stellenbosch | 20.05 | Ds. en Mev. J. J. Naude, Griekwastad | 10.00 |
| Mnr. T. A. Murray, Perthweg 3, Nuweland, K.P. | 50.00 | Prof. A. F. de Wet, Verreweide 6, Stellenbosch | 25.00 |
| Prof. G. J. Hupkes, Buro vir Ekonomiese Ondersoek, Stellenbosch | 20.00 | Mnr. P. Lindeque, Streeklanddros, Pretoria ... | 25.00 |
| Mnr. J. H. Pienaar, Truterstraat 14, Robertson | 10.05 | Mnr. C. J. Franken, Du Toitstraat, Leeudoringstad | 5.00 |
| Ben en Zenobia Lutz, Posbus 168, Cradock ... | 10.00 | Mnr. A. D. Collins, Posbus 18, Kakamas ... | 10.00 |
| Ds. S. J. H. van der Spuy, N.G. Kerk, Somerset-Oos | 10.00 | Mnr. T. M. Wickens, Baskop, Vrededorp | 10.00 |
| Mnr. J. E. Brevis, Queenstraat 11, Adelaide ... | 2.00 | Prof. L. D. C. Bok, U.O.V.S., Bloemfontein ... | 10.00 |
| Mnr. A. P. van W. Coetzee, Posbus 834, Springs | 5.00 | <hr/> | |
| Mnr. B. Rode, De Vosstraat 7, Stellenbosch ... | 20.00 | <i>Graag wens ek waardering te betuig vir die onbaatsugtige volksdiens . . .</i> | |
| Mnr. J. S. P. Naudé, Parkstraat 671, Pretoria | 25.00 | <i>Paul R. de Villiers</i> | |
| Mnr. J. J. Kritzingen, Stellenbosch | 10.00 | <hr/> | |
| Mnr. P. R. de Villiers, Posbus 227, Paarl ... | 25.00 | Ds. S. Murray, Parkheuvel, Port Elizabeth ... | 20.00 |
| Ds. W. A. Krige, Posbus 37, Kleinmond ... | 5.00 | Mnr. C. J. Beukes, Hoërskool Oudtshoorn ... | 10.00 |
| Mev. S. B. Schurink, Posbus 83, Worcester ... | 3.05 | Mnr. E. B. Kruger, Kaapstad | 10.00 |
| Maj. S. Bourquin, Posbus 154, Durban | 5.00 | Mnr. J. H. Malherbe, Kogelstraat, Middelburg, Tvl. | 20.00 |
| Mnr. P. B. Pohl, Port Elizabeth | 5.00 | Mnr. en Mev. S. J. Saayman, Kanonstraat, Uitenhage | 10.00 |
| Dr. W. G. le Roux, Kronkelstraat 7, Bellville ... | 5.00 | Mnr. S. E. Terblanche, Hooggereshof, Kaapstad | 10.00 |
| Dr. D. P. van Huyssteen, Drieankerhof 414, Pretoria | 20.00 | <hr/> | |
| Mnr. H. Lombard, Posbus 38, Boshof | 30.00 | <i>Hy was 'n studiemat van my . . .</i> | |
| Mnr. S. J. du Plessis, Brooklyn, Pretoria ... | 20.10 | <i>Jac. Conradie</i> | |

'n Klein huldeblykie aan 'n groot man van uitsonderlike formaat.

Ds. H. J. Sniijders

| | |
|---|-------|
| Ds. J. M. Burger, Bloemfontein | 5.00 |
| Dr. R. Olivier, Framesby, Port Elizabeth | 5.00 |
| Mnr. J. A. C. Liebenberg, Pk. Askham | 10.10 |
| Mnr. Johan Swart, Posbus 26, Kirkwood | 50.00 |
| Maj. J. H. Rossouw, Walvisbaai, S.W.A. | 5.00 |
| Oud-Maties, Trust Bank, Kaapstad | 50.00 |
| Mnr. J. A. Bonthuys, Posbus 1449, Kaapstad | 20.00 |
| Mnr. C. Hay, Uitenhage | 2.00 |
| Mnr. P. J. Lombard, Universiteit, Stellenbosch | 10.00 |
| Mnr. P. J. Hugo, Charl Cilliersstraat 4, Kroonstad | 20.00 |
| Mev. A. Hugo, Charl Cilliersstraat, Kroonstad | 20.00 |
| Mnr. P. H. A. Fouche, Pk. Tshakhuma | 20.10 |
| Dr. H. F. de Wet, Matheestraat, Zastron | 10.00 |
| Mnr. A. P. de Wet, Le Chasseur, Robertson | 20.00 |
| Prof. P. G. Jordaan, Stellenbosch | 10.00 |
| Mnr. Jan Louw, Watersonstraat, Sasolburg | 5.00 |

| | |
|--|------|
| Dr. D. R. Snyman, Posbus 862, Oos-Londen | 5.00 |
| Mej. A. Gunter, Bosbou Biblioteek, Pretoria | 1.00 |
| Mej. E. M. M. Blaauw, Verpleegsterstehuis, Skiereilandse Kraamhospitaal, Kaapstad | 1.00 |
| Mnr. J. Pienaar, Posbus 68, Thaba Nchu | 3.05 |

Op aanbeveling van Ds. S. D. v.d. Merwe van hierdie gemeente, het die eerw. Kerkraad besluit om tydens die rou-diens in September 1966 'n kollekte op te neem en in trust te hou totdat 'n fonds gestig word.

J. Beets (Scriba), Oos-Londen

| | |
|---|-------|
| Mnr. R. C. Basson, Kaapstad | 10.00 |
| Dr. J. E. Holloway, Johannesburg | 10.00 |
| Vriend, Somerset-Wes | 25.00 |
| Ds. L. M. Steenkamp, Joubertstraat 9, Montagu | 4.00 |
| Mnr. G. C. Scully, Durban | 10.55 |
| Mev. E. M. Jackson, Pk. Morgenster, Rhodesië | 10.00 |
| Mnr. J. F. Louw, Johannesburg | 5.00 |
| Mnr. B. P. Clur, George | 5.05 |

Totaal (17/10/67) R12,525.68

VROU-VERENIGING

Dames van die Vroue-Vereniging van die Universiteit van Stellenbosch samel geld in vir die Studentesentrum. Hier geniet hulle self 'n koppie tee voor die stormloop van die studente tydens die pouses.

Voor die stalletjie v.l.n.r. : *Mevv. Daleen Mouton, Leonie Retief, Anna Kirsten, Hettie Cillié, Lettie Pretorius, Lucy Schröder, Ans Hanekom, Priscilla Stiglingh, René de Vries, Alet van der Merwe, Lena Oosthuysen.*



SPAAR VIR DIE TOEKOMS

.. dis waar
u die res
~~de~~ ~~die~~ ~~res~~
van u lewe
gaan deurbring

 **Saambou**
BOUVERENIGING
WAAR MENS TUIS VOEL

Totale Bates R100,000,000. Voorsitter Dr. M. S. Louw

WP MAKELAARS

Vir die beste
in
versekerings-
en
beleggingsadvies

Sanlamgebou 403,
Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Telefoon 4847


GEE 'N MAN 'N LUCKY!



Vervaardig in Suid-Afrika, Rhodesië, V.S.A., Wes-Duitsland, Denemarke, Australië, Holland

NASIONALE BOEKHANDEL

doen sy naam eer aan met uitgawes wat altyd aan die hoogste vereistes voldoen.



Bly op die hoogte met die Nasionale Boekhandel-publikasies — letterkundig, geskiedkundig, opvoedkundig, wetenskaplik—alle genres van die literatuur!

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Kaapstad: Wandelgang, Grootte Kerk-gebou. Posbus 2063 · **Parow:** Posbus 119 · **Johannesburg:** Evkom-sentrum, Wolmaransstraat. Posbus 9898 · **Durban:** Drakensberg Boekhandel, Smithstraat 411. Posbus 1702 · **Port Elizabeth:** h/v Princess- en Cawoodstraat, Posbus 95 · **Bloemfontein:** Maitlandstraat 53; Henrystraat 64. Posbus 1058 · **King William's Town:** Cathcartstraat 51. Posbus 107 · **Pietersburg:** Posbus 248 · **Umtata:** Posbus 259

292A

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00

Alle Nommers altyd in Voorraad

Die Nuwe Terylene Oud-Matiedas

so pas ontvang Prys R2.35

Skryf aan:

pikkie blommaert

mansuitruster

stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch



FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk,

Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk,

Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

Frick
-NAAIMASJIENE

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Telefoongids



Goud van Kleur... Ryk aan Geur

VZ 002765/2A

M·A·T·I·E spells



GM 599


Ja, ons weet wat dit spel! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers — die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Zodiac, Zephyr en Taunus, middelslagmotors met ongeewenaarde weelde, en die pragtige, gewilde Anglia en Cortina.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien — ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521




„Maties, ek was self 'n student. Daarom weet ek wat dit is om platsak te wees. Tog het ek elke maand probeer om 'n ietsie af te knyp en op Spaarrekening by die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging te belê. Julle ouens sal verbaas wees om te sien hoe dit groei—en wat jy daarmee kan doen as die vakansie aanbreek, of as jy sommer net 'n doedie wil skiet vir die flik!

Belê liever julle geldjies in 'n Spaarrekening by die Suid-Afrikaanse Permanente. Ander ouens kan dan nie by julle kontant leen nie en boonop verdien dit $4\frac{1}{2}\%$ rente!

Julle Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging se kantoor is by Pleinstraat 4 en mnr. J. A. Jooste en sy mense is vriendelik en hulpvaardig.”

**SUID-AFRIKAANSE
PERMANENTE
BOUVERENIGING**



Groei met Suid-Afrika...vanaf 1883

Grant 6080



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig